His Excellency the Officer Administering the Government, under the powers vested in him by section *eleven* of the National Finance Corporation Act, 1949 (Act No. 33 of 1949), has been pleased to appoint George Keith Lindsay, Esquire, to the board of directors of the National Finance Corporation of South Africa, for the period 1st November, 1959, to 31st August, 1960, as representative of insurance companies, to fill an interim vacancy.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. 2097.] [24 Desember 1959.

OPENBARE REKENMEESTERS- EN OUDITEURSRAAD.—GELDE BETAALBAAR AAN DIE RAAD.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Finansies kragtens subartikel (3) van artikel *een-en-twintig* van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951 (Wet No. 51 van 1951), soos gewysig, onderstaande verhogings in die gelde voorgeskryf deur die Openbare Rekenmesters- en Ouditeursraad kragtens subartikel (1) van genoemde artikel, wat in ondergenoemde Goewermentskennisgewings gepubliseer is, goedgekeur het:—

1. Goewermentskennisgewing No. 1839 van 5 Oktober 1956:—

(*a*) In item (*b*) (i) skrap „£8 8 0" en vervang dit deur „£10 10 0".

(*b*) In item (*c*) skrap „£8 8 0" en vervang dit deur „£10 10 0".

(*c*) In item (*g*) skrap „£2 2 0" en vervang dit deur „£3 3 0".

(*d*) In die paragraaf wat volg op die lys van voorgeskrewe gelde skrap „£5 5 0" en „£2 12 6" en vervang dit deur onderskeidelik „£7 7 0" en „£3 13 6".

2. Goewermentskennisgewing No. 372 van 15 Maart 1957:—

In reël 7 (1) skrap „£2 2 0" en vervang dit deur „£3 3 0".

Hierdie wysigings sal vanaf 1 Januarie 1960 in werking tree.

No. 2103.] [24 Desember 1959.

AANSTELLING VAN DIREKTEUR VAN DIE NASIONALE FINANSIEKORPORASIE VAN SUID-AFRIKA.

Dit het Sy Eksellensie die Amptenaar belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag behaag om, kragtens die bevoegdheid hom by artikel *elf* van die Wet op die Nasionale Finansiekorporasie, 1949, (Wet No. 33 van 1949), verleen, die heer George Keith Lindsay vir die tydperk 1 November 1959 tot 31 Augustus 1960, as verteenwoordiger van versekeringsmaatskappye in die raad van direkteure van die Nasionale Finansiekorporasie van Suid-Afrika aan te stel, om 'n tussentydse vakature te vul.

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. 2085.] [24 December 1959.

PERISHABLE PRODUCTS EXPORT CONTROL ACT, 1926.—IMPOSITION OF LEVIES ON PERISHABLE PRODUCTS.

I, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister of Transport, in terms of the powers vested in me by section *twelve* of the Perishable Products Export Control Act, 1926 (Act No. 53 of 1926), as amended, hereby impose the following levies in respect of each of the undermentioned perishable products as defined in section *sixteen* of the above-mentioned Act, which may be exported from the Union during the calendar year 1960.

Perishable Product.	*Rate of Levy.*
Deciduous Fruit	18d. per ton up to 5,000 tons.
Citrus Fruit	15d. per ton from 5,001 to 10,000 tons.
Melons	12d. per ton from 10,001 to 50,000 tons.
Pineapples	8d. per ton from 50,001 to 150,000 tons.
Other Fruits	5d. per ton from 150,001 to 300,000 tons.
Eggs	3d. per ton from 300,001 tons upwards.
Butter	
Cheese	
Fish (including shell-fish and crustaceans)	
Meat and any product or by-product derived from meat, where such meat, product or by-product requires cold storage accommodation or requires to be conveyed under cold storage conditions	
Deep-frozen foods	
Potatoes and other vegetables	
Fruit Juices	

For the purpose of this notice a ton shall mean a cubic ton of 40 cubic feet.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Transport.

No. 2087.] [24 December 1958.

CIVIL AVIATION ADVISORY COMMITTEE.—APPOINTMENT OF MEMBERS.

His Excellency the Governor-General has, in terms of section *four* of the Aviation Act, 1923, as amended, appointed the following persons as members and alternate members of the Civil Aviation Advisory Committee, for a period of two years with effect from 1 November 1959, to represent the respective bodies as indicated.

DEPARTEMENT VAN VERVOER.

No. 2085.] [24 Desember 1959.

WET OP REËLING VAN UITVOER VAN BEDERFBARE PRODUKTE, 1926.—HEFFINGS OP BEDERFBARE PRODUKTE.

Ek, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister van Vervoer, lê hierby kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *twaalf* van die Wet op Reëling van Uitvoer van Bederfbare Produkte, 1926 (Wet No. 53 van 1926), soos gewysig, die volgende heffings op ten opsigte van elkeen van ondergenoemde bederfbare produkte soos in artikel *sestien* van die bovermelde Wet omskryf, wat in die kalenderjaar 1960 uit die Unie uitgevoer mag word:—

Bederfbare Produk.	*Skaal van Heffing.*
Sagtevrugte	18d. per ton tot 5,000 ton.
Sitrusvrugte	15d. per ton van 5,001 tot 10,000 ton.
Waatlemoene	12d. per ton van 10,001 tot 50,000 ton.
Pynappels	8d. per ton van 50,001 tot 150,000 ton.
Ander vrugte	5d. per ton van 150,001 tot 300,000 ton.
Eiers	3d. per ton van 300,001 ton en meer.
Botter	
Kaas	
Vis (met inbegrip van skulpvis en. seeskaaldiere)	
Vleis en enige produk of neweprodukt van vleis afkomstig, waar sodanige vleis, produk of neweprodukt koelkamers vereis of in koelkamertoestande vervoer moet word	
Diepbevrore eetware	
Aartappels en ander groente	
Vrugtesappe	

Vir die doeleindes van hierdie kennisgewing beteken 'n ton 'n kubieke ton van 40 kubieke voet.

B. J. SCHOEMAN,
Minister van Vervoer.

No. 2087.] [24 Desember 1959.

ADVISERENDE KOMITEE VIR BURGERLUGVAART.—AANSTELLING VAN LEDE.

Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal het ingevolge die bepalings van artikel *vier* van die Luchtvaartwet, 1923, soos gewysig, die volgende persone as lede en alternatiewe lede van die Adviserende Komitee vir Burgerlugvaart vir 'n tydperk van twee jaar met ingang van 1 November 1959, aangestel om die onderskeie liggame soos aangedui te verteenwoordig.

Name. *Naam.*	Capacity. *Hoedanigheid.*	Body Represented. *Liggaam Verteenwoordig.*
Mr./*Mnr.* W. H. Colere Mr./*Mnr.* C. F. Regnier	Member/*Lid* Alternate Member/*Alternatiewe Lid*	South African Federated Chamber of Industries/*Suid-Afrikaanse Gefedereerde Kamer van Nywerhede.*
Mr./*Mnr.* P. van der Woude Col./*Kol.* L. E. Lang	Member/*Lid* Alternate Member/*Alternatiewe Lid.*	Commercial Aviation Association of Southern Africa/*Kommersiële Lugvaartvereniging van Suid-Afrika.*
Col./*Kol.* J. A. Williams Mr./*Mnr.* F. A. Meltzer	Member/*Lid* Alternate Member/*Alternatiewe Lid.*	Aero Club of South Africa/*Aero Klub van Suid-Afrika.*
Mr./*Mnr.* E. J. D. Pritchard Capt./*Kapt.* Tom Meredith	Member/*Lid* Alternate Member/*Alternatiewe Lid.*	Association of Chambers of Commerce of South Africa/*Vereniging van Kamers van Koophandel van Suid-Afrika.*
Mr./*Mnr.* H. K. Truter Mr./*Mnr.* J. S. Wolfaardt	Member/*Lid* Alternate Member/*Alternatiewe Lid.*	"Die Afrikaanse Handelsinstituut"/*Die Afrikaanse Handelsinstituut.*
Dr. J. N. Haldeman Mr./*Mnr.* G. M. Marais	Member/*Lid* Alternate Member/*Alternatiewe Lid.*	Aircraft Owners and Pilots Association of South Africa/*Vliegtuigeienaars en Vlieëniersvereniging van Suid-Afrika.*
Mr./*Mnr.* B. S. de Kok, M.P.C./*L.P.R.* Mr./*Mnr.* H. H. Holtzhauzen, M.P.C./*L.P.R.*	Member/*Lid* Alternate Member/*Alternatiewe Lid.*	United Municipal Executive of South Africa/*Verenigde Munisipale Bestuur van Suid-Afrika.*

No. 2100.] [24 December 1959.

MERCHANT SHIPPING ACT, 1951.—DECLARATION OF PORTS FOR REGISTRATION.

The Minister of Transport has been pleased, in terms of paragraph (*c*) of section *four* of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act No. 57 of 1951), as amended, to declare the undermentioned ports in the Union to be ports of registry for the registration of ships, with effect from the 1st January, 1960:—

Cape Town, Durban, Port Elizabeth, East London and Walvis Bay.

DEPARTMENT OF RAILWAYS, HARBOURS AND AIRWAYS.

No 2111.] [24 December 1959.

AMENDMENT OF CLAUSE 50 OF THE OFFICIAL HARBOUR TARIFF OF DUES AND CHARGES AT THE HARBOURS OF THE UNION OF SOUTH AFRICA AND OF SOUTH-WEST AFRICA.

It has been decided to amend with immediate effect the Official Harbour Tariff Book of Dues and Charges at the Harbours of the Union of South Africa and of South-West Africa as follows:—

Clause 50.—Delete the words "for South African products for export".

No. 2112.] [24 December 1959.

AMENDMENT OF CLAUSE 16 OF THE OFFICIAL HARBOUR TARIFF OF DUES AND CHARGES AT THE HARBOURS OF THE UNION OF SOUTH AFRICA AND OF SOUTH-WEST AFRICA.

It has been decided with effect from 1st January, 1960, to delete sub-section (*b*) of clause 16 of the Official Harbour Tariff Book of Dues and Charges at the Harbours of the Union of South Africa and of South-West Africa which came into force on 1st July, 1958, and to substitute the following new sub-section:—

PILOTAGE SERVICES.

16. (*b*) A pilotage exemption licence may be granted in respect of ships of not more than 225 feet in length overall and which do not exceed 600 net register tons.

No. 2113.] [24 December 1959.

REGULATIONS FOR THE HARBOURS OF THE UNION OF SOUTH AFRICA AND OF SOUTH-WEST AFRICA.

His Excellency the Officer Administering the Government has been pleased in terms of section *three* of Act No. 70 of 1957, to approve of the repeal of regulation No. 94 of the Regulations for the Harbours of the Union of South Africa and of South-West Africa published under Government Notice No. 140 of 1st February, 1957, and the substitution therefor of the following amended regulation:—

PILOTAGE AND PILOTS.

PILOTAGE.

94. (1) The harbours of Table Bay, Port Elizabeth, East London, Durban, Walvis Bay, Lüdertiz and Mossel Bay are compulsory pilotage harbours, and except with

No. 2100.] [24 Desember 1959.

HANDELSKEEPVAARTWET, 1951.—VERKLARING VAN HAWENS TOT REGISTRASIEHAWENS.

Dit het die Minister van Vervoer behaag om kragtens paragraaf (*c*) van artikel *vier* van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951), soos gewysig, onderstaande hawens in die Unie met ingang van 1 Januarie 1960 tot registrasiehawens vir die registrasie van skepe te verklaar:—

Kaapstad, Durban, Port Elizabeth, Oos-Londen en Walvisbaai.

DEPARTEMENT VAN SPOORWEË, HAWENS EN LUGDIENS.

No. 2111.] [24 Desember 1959.

WYSIGING VAN KLOUSULE 50 VAN DIE OFFISIËLE HAWETARIEFBOEK VAN REGTE EN KOSTE BY DIE HAWENS VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA EN VAN SUIDWES-AFRIKA.

Daar is besluit om die volgende wysiging, wat onmiddellik in werking tree, in die Offisiële Hawetariefboek van Regte en Koste by die Hawens van die Unie van Suid-Afrika en van Suidwes-Afrika aan te bring:

Klousule 50.—Skrap die woorde „vir die Uitvoer van Suid-Afrikaanse Produkte".

No. 2112.] [24 Desember 1959.

WYSIGING VAN KLOUSULE 16 VAN DIE OFFISIËLE HAWETARIEFBOEK VAN REGTE EN KOSTE BY DIE HAWENS VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA EN VAN SUIDWES-AFRIKA.

Daar is besluit om met ingang 1 Januarie 1960 subklousule (*b*) van klousule 16 van die Offisiële Hawetariefboek van Regte en Koste by die Hawens van die Unie van Suid-Afrika en van Suidwes-Afrika wat op 1 Julie 1958 in werking getree het, te skrap en die volgende nuwe subklousule in te voeg:

LOODSDIENSTE.

16. (*b*) In Lisensie vir vrystelling van loodsdienste kan toegestaan word aan skepe met 'n totale lengte van hoogstens 225 voet en van hoogstens 600 netto registerton.

No. 2113.] [24 Desember 1959.

REGULASIES VIR DIE HAWENS VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA EN VAN SUIDWES-AFRIKA.

Dit het Sy Eksellensie die Amptenaar belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag behaag om kragtens artikel *drie* van Wet no. 70 van 1957 sy goedkeuring te heg aan die intrekking van regulasie no. 94 van die Regulasies vir die Hawens van die Unie van Suid-Afrika en van Suidwes-Afrika, afgekondig by Goewermentskennisgewing no. 140 van 1 Februarie 1957, en aan die vervanging daarvan deur die volgende gewysigde regulasie:

LOODSDIENSTE EN LOODSE.

LOODSDIENSTE.

94. (1) Die hawens van Tafelbaai, Port Elizabeth, Oos-Londen, Durban, Walvisbaai, Lüderitz en Mosselbaai is hawens waar loodsdienste verpligtend is, en tensy die

the permission of the port captain granted in terms of sub-regulation (2), no person shall navigate a ship within any of the areas defined in sub-regulation (4) with respect to the several harbours, unless he is under the supervision of a pilot duly licensed by the Administration. For the purpose of this regulation the expression "navigate" includes the movement of any ship from one berth to another.

(2) If the port captain of a compulsory pilotage harbour is satisfied that the master of any ship is competent to navigate such ship safely within the limits of that harbour without the assistance of a pilot, he may—

(*a*) grant special permission to such master to navigate his ship as aforesaid on any specified occasion; or

(*b*) if the ship in question is not more than 225 feet in length overall and does not exceed 600 net register tons, grant to such master standing permission, in the form of a pilotage exemption licence, to navigate his ship as aforesaid during the period of validity of the licence.

(3) A pilotage exemption licence may be suspended or cancelled at any time in the discretion of the port captain.

(4) The areas referred to in sub-regulation (1) are the following:—

Table Bay and Durban: The whole of the docks or inner harbour and within the entrance and the approaches thereto.

Port Elizabeth: The area enclosed by the breakwater and the North Arm, together with the entrance and approaches thereto.

East London: Within the Buffalo River and the entrance thereto.

Walvis Bay: The wharf basin and the dredged channel leading thereto from the marker buoy outside its entrance.

Lüderitz: Within the harbour limits.

Mossel Bay:

(*a*) The area contained within the breakwater and a line drawn due west for 1,500 feet from its northern extremity and thence south to the foreshore.

(*b*) The area bounded by the following:—

Northern Limit: Latitude 34 degrees 08 minutes 00 seconds S.

Eastern Limit: The Anchorage Line, beacons in line 174 degrees, shown on Chart 639 extended to the northern limit.

Southern Limit: A line drawn from the shore and passing through Seal Island in an 090 degrees direction.

Western Limit: The coast line.

No. 2114.] [24 December 1959.

AMENDMENT OF CLAUSE 42 OF THE OFFICIAL HARBOUR TARIFF OF DUES AND CHARGES AT THE HARBOURS OF THE UNION OF SOUTH AFRICA AND OF SOUTH-WEST AFRICA.

It has been decided to amend the Official Harbour Tariff Book of Dues and Charges at the Harbours of the Union of South Africa and of South-West Africa with effect from 1st January, 1960, as follows:—

Clause 42 (*f*).—Delete the words "Durban or" appearing in the third line.

hawekaptein se toestemming ingevolge subregulasie (2) verkry word, mag geen persoon 'n skip navigeer binne enigeen van die gebiede soos omskryf in subregulasie (4) met betrekking tot die verskeie hawens nie, tensy hy onder die toesig van 'n loods is wat behoorlik deur die Administrasie gelisensieer is. Vir die doel van hierdie regulasie sluit die uitdrukking „navigeer" die verskuiwing in van 'n skip van een aanlêplek na 'n ander.

(2) Indien die hawekaptein van 'n hawe waar loodsdienste verpligtend is, daarvan oortuig is dat die kaptein van 'n skip bevoeg is om sodanige skip binne die grense van daardie hawe te navigeer sonder die hulp van 'n loods, kan hy—

(*a*) sodanige kaptein spesiale toestemming gee om sy skip by 'n bepaalde geleentheid te navigeer soos hierbo genoem; of

(*b*) indien die betrokke skip 'n totale lengte van hoogstens 225 voet en 'n netto registertonnemaat van hoogstens 600 het, staan toestemming aan sodanige kaptein verleen in die vorm van 'n lisensie vir vrystelling van loodsdienste, om sy skip soos hierbo genoem te navigeer gedurende die tydperk wat die lisensie geldig is.

(3) 'n Lisensie vir vrystelling van loodsdienste kan na goeddunke van die hawekaptein te eniger tyd geskors of ingetrek word.

(4) Die gebiede waarna in subregulasie (1) verwys is, is soos volg:

Tafelbaai en Durban: Die hele dokgebied of binnehawe en die gebied binne die ingang daarvan en die toegange daartoe.

Port Elizabeth: Die gebied wat ingesluit word deur die golfbreker en die Noordarm, tesame met die ingang daarvan en die toegange daartoe.

Oos-Londen: Binne die Buffelsrivier en die ingang daarvan.

Walvisbaai: Die hawekom by die kaai en die gebaggerde vaarwater wat van die merkboei buite die vaarwateringang na die hawekom lei.

Lüderitz: Binne die hawegrense.

Mosselbaai:

(*a*) Die gebied wat ingesluit word deur die golfbreker en 'n lyn getrek van die verste noordpunt van die golfbreker tot by 'n plek 1,500 voet reg wes daarvan, en dan suidwaarts tot aan die vloedstrand.

(*b*) Die gebied wat soos volg begrens word—

Noordelike grens: Suiderbreedte 34 grade 08 minute 00 sekondes.

Oostelike grens: Die ankerpleklyn, bakens in lyn 174 grade, soos aangetoon op kaart 639, verleng na die noordelike grens.

Suidelike grens: 'n Lyn getrek van die land deur Sealeiland, in 'n rigting van 090 grade.

Westelike grens: Die kuslyn.

No. 2114.] [24 Desember 1959.

WYSIGING VAN KLOUSULE 42 VAN DIE OFFISIËLE HAWETARIEFBOEK VAN REGTE EN KOSTE BY DIE HAWENS VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA EN VAN SUIDWES-AFRIKA.

Daar is besluit om die Offisiële Hawetariefboek van Regte en Koste by die Hawens van die Unie van Suid-Afrika en van Suidwes-Afrika met ingang 1 Januarie 1960, soos volg te wysig:

Klousule 42 (*f*).—Skrap die woorde „Durban of" in die tweede reël.

Insert the following new sub-clause:—

Clause 42 (*g*).—The charges for landing or shipping cargo, which is taken delivery of by importers, or brought to the shipping berth by shippers for shipment at Durban are as follows:—

	Per Ton. s. d.
Goods referred to in clause 42 (*a*) (1)..	8 1
Goods referred to in clause 42 (*a*) (2)..	6 1
Goods referred to in clause 42 (*a*) (3):—	
Package exceeding two tons each in weight up to and including 10 tons each in weight.....	Double above charges.
Packages exceeding 10 tons each in weight.....	Treble above charges.

DEPARTMENT OF THE INTERIOR.

No. 2104.] [24 December 1959.

REGULATIONS FOR THE REGISTRATION OF BIRTHS, MARRIAGES AND DEATHS.

His Excellency the Officer Administering the Government has in terms of the provisions of section *forty-eight* of the Births, Marriages and Deaths Registration Act, 1923 (Act No. 17 of 1923), as amended, amended the regulations and forms published under Government Notice No. 1181 of the 24th August, 1934, as amended, as follows with effect from the 1st January, 1960:—

1. Item 6 of sub-paragraph (B) of paragraph 2 is amended by the insertion after the words "by these registers" of the words "except in regard to the still births of Natives, as prescribed in paragraphs 6 and 13 of this regulation".

2. Sub-paragraph (1) of paragraph 6 is deleted and substituted by the following sub-paragraph:—

(1) Particulars regarding still births shall not be entered into any register, but the forms of information shall be forwarded to the Registrar monthly and certificates of still births shall be issued only by the Registrar, except that the district registrar shall enter the particulars in respect of the still births of Natives as prescribed by paragraph 13 of this regulation, in the "Registers of Births" and endorse every such entry with the words "still birth" and he may issue certificates in respect of such still births.

3. Sub-paragraph (1) of paragraph 13 is amended by the insertion after the words "relevant register" of the words "except that in regard to the still births of Natives only the full names of the child (if any), the full names of the father (or mother if the child is illegitimate), the date of birth and sex of the child and the race of the father (or mother if the child is illegitimate) shall be entered in the 'Register of Births'".

4. Sub-paragraph (1) of paragraph 17 is amended by the insertion at the end thereof of the words "except that the district registrar may issue certificates in respect of the births and deaths of Natives".

5. Sub-paragraph (*a*) of paragraph 18 is amended—

(*a*) by the deletion of the word "birth" in item (1), and
(*b*) by the insertion of the following items after item (1):—

(*bis*) For an abridged birth certificate in respect of a person born on or before the 31st December, 1959: 2s. 6d.

(*ter*) For an abridged birth certificate in respect of a person born on or after the 1st January, 1960: 5s.

Provided that an abridged birth certificate in respect of such a person shall be issued free of charge at registration.

Voeg die volgende nuwe subklousule in:

Klousule 42 (*g*).—Die volgende koste word gehef vir die los of verskeping van vrag wat by Durban deur invoerders in ontvangs geneem of deur verskepers na die aanlêplek vir verskeping gebring word:

	Per ton. s. d.
Goedere genoem in klousule 42 (*a*) (1)..	8 1
Goedere genoem in klousule 42 (*a*) (2)..	6 1
Goedere genoem in klousule 42 (*a*) (3):—	
Pakke van meer as twee ton elk, tot en met 10 ton elk.....	Twee keer bogenoemde koste.
Pakke van meer as 10 ton elk.....	Drie keer bogenoemde koste.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

No. 2104.] [24 Desember 1959.

REGULASIES VIR DIE REGISTRASIE VAN GEBOORTES, HUWELIKE EN STERFGEVALLE.

Sy Eksellensie die Amptenaar belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag het kragtens die bepalings van artikel *agt-en-veertig* van die Wet op de Registratie van Geboorten, Huweliken en Sterfgevallen, 1923 (Wet No. 17 van 1923), soos gewysig, die regulasies en vorms wat by Goewermentskennisgewing No. 1181 van 24 Augustus 1934, soos gewysig, gepubliseer is, met ingang van 1 Januarie 1960, soos volg gewysig:—

1. Item 6 van subparagraaf (B) van paragraaf 2 word gewysig deur die woorde „behalwe ten opsigte van die doodgeboortes van Naturelle, soos voorgeskryf in paragrawe 6 en 13 van hierdie regulasie" na die woorde „voorgeskryf is" in te voeg.

2. Subparagraaf (1) van paragraaf 6 word geskrap en deur die volgende subparagraaf vervang:—

(1) Besonderhede in verband met kinders wat doodgebore is, moet nie in enige register geskryf word nie, maar die inligtingsvorms moet maandeliks aan die registrateur gestuur word, en sertifikate van doodgeboortes word net deur die registrateur uitgereik, behalwe dat die distriksregistrateur die besonderhede ten opsigte van die doodgeboortes van Naturelle, soos voorgeskryf in paragraaf 13 van hierdie regulasie, in die „register van geboortes" moet skryf en elke sodanige inskrywing met die woord „doodgeboorte" endosseer en hy kan sertifikate ten opsigte van sulke doodgeboortes uitreik.

3. Subparagraaf (1) van paragraaf 13 word gewysig deur die woorde „behalwe dat ten opsigte van die doodgeboortes van Naturelle slegs die volle name van die kind (as daar is), die volle name van die vader (of moeder as die kind buite-egtelik is), die geboortedatum en geslag van die kind en die ras van die vader (of moeder as die kind buite-egtelik is) in die ‚register van geboortes' geskryf moet word," na die woorde „oorgeskryf word" in te voeg.

4. Subparagraaf (1) van paragraaf 17 word gewysig deur die woorde „behalwe dat die distriksregistrateur sertifikate ten opsigte van die geboortes en sterfgevalle van Naturelle kan uitreik" aan die einde daarvan in te voeg.

5. Subparagraaf (*a*) van paragraaf 18 word gewysig—

(*a*) deur die woord „geboorte-" in item (1) te skrap, en
(*b*) die volgende items na item (1) in te voeg:—

(*bis*) Vir 'n verkorte geboortesertifikaat ten opsigte van 'n persoon wat op of voor 31 Desember 1959 gebore is: 2s. 6d.

(*ter*) Vir 'n verkorte geboortesertifikaat ten opsigte van 'n persoon wat op of na 1 Januarie 1960 gebore is: 5s.

Met dien verstande dat 'n verkorte geboortesertifikaat ten opsigte van so 'n persoon by registrasie gratis uitgereik word.

6. Paragraph 21 is amended by the deletion in sub-item (*b*) of item 1 of the words "Form B.M.D. 1 N" and the substitution therefor of the words "Form BA 597 (male) Form BA 598 (female)".

7. The Schedule is amended by the deletion of the existing form B.M.D. 1 N and the substitution therefor of the following form:—

FORM OF INFORMATION OF A BIRTH OR STILL BIRTH IN RESPECT OF NATIVES. FORM BA 597 (MALE)/BA 598 (FEMALE).

Identity number.....
Birth entry number.....
Name.....
Sex.....
Date of birth.....
Place of birth.....
Ethnic group.....
Nationality.....
Tribe.....
Year of arrival in Union.....
Name of urban or rural location or farm.....
Home district.....
Country of origin.....
Chief.....
Marital status.....
Race.....

FATHER.

Identity number.....
Ethnic group.....
Christian names.....
Surname.....
Place of birth.....
Age.....
Occupation.....

MOTHER.

Ethnic group.....
Christian names.....
Maiden surname.....
Age.....

INFORMANT.

Signature.....
Authority.....
Residential address.....

FOR OFFICIAL USE ONLY.

Date of receipt.....
Place.....
Signature.....(Assistant District Registrar).
Date of registration.....
Signature.....
District.....
Form checked.....

No. 2115.] [10 December 1959.

CHANGE OF NAME.—SECTION *NINE* OF THE ALIENS ACT, 1937.—FIRTH TO BRECHER.

On the 19th November, 1959, it pleased His Excellency the Governor-General to grant authority under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), to John Edward Firth, minor child of Amy Maud Brecher, residing at 29 Ayott Avenue, Umbilo, Durban, to assume the surname Brecher.

6. Paragraaf 21 word gewysig deur die woorde „Vorm B.M.D. 1 N" in sub-item (*b*) van item 1 te skrap en met die woorde „Vorm B.A. 597 (manlik)/Vorm B.A. 598 (Vroulik)" te vervang.

7. Die Skedule word gewysig deur die bestaande vorm B.M.D. 1 N te skrap en dit deur die volgende vorm te vervang:—

VORM VAN AANGIFTE VAN 'N GEBOORTE OF DOODGEBOORTE TEN OPSIGTE VAN NATURELLE. VORM B.A. 597 (MANLIK)/ VORM B.A. 598 (VROULIK).

Persoonsnommer.....
Geboorte-inskrywingsnommer.....
Naam.....
Geslag.....
Datum van geboorte.....
Plek waar gebore.....
Etniese groep.....
Burgerskap.....
Stam.....
Jaar van aankoms in Unie.....
Naam van stedelike of plattelandse woongebied of plaas.....
Tuisdistrik.....
Land van herkoms.....
Kaptein.....
Huwelikstaat.....
Ras.....

VADER.

Persoonsnommer.....
Etniese groep.....
Voorname.....
Van.....
Geboorteplek.....
Ouderdom.....
Beroep.....

MOEDER.

Etniese groep.....
Voorname.....
Nooiensvan.....
Ouderdom.....

BERIGGEWER.

Handtekening.....
Bevoegdheid.....
Woonadres.....

NET VIR AMPTELIKE GEBRUIK.

Datum van ontvangs.....
Plek.....
Handtekening.....Assistent Distriksregistrateur.
Datum van registrasie.....
Handtekening.....
Distrik.....
Vorm nagesien.....

No. 2115.] [10 December 1959.

NAAMSVERANDERING.—ARTIKEL *NEGE* VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937.—FIRTH IN BRECHER.

Op 19 November 1959 het dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens die bepalings van artikel *nege* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), John Edward Firth, minderjarige kind van Amy Maud Brecher, woonagtig te Ayottlaan 29, Umbilo, Durban, te magtig om die van Brecher aan te neem.

DEPARTMENT OF COMMERCE AND INDUSTRIES.

No. 2108.] [24 December 1959.

STANDARDS ACT, 1945.

AMENDMENT OF THE COMPULSORY STANDARD SPECIFICATION FOR THE MANUFACTURE, PRODUCTION, PROCESSING OR TREATMENT OF OUTER SOLE LEATHER.

I, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister of Economic Affairs, acting on the recommendation of the Council for Scientific and Industrial Research and under the powers vested in me by section *fifteen* (1) (*a*) of the Standards Act, 1945 (Act No. 24 of 1945), as amended, hereby substitute the amended compulsory standard specification for the manufacture, production, processing or treatment of outer sole leather, as indicated in the Schedule hereto, for the compulsory standard specification for the manufacture, production, processing or treatment of outer sole leather, as published by Government Notice No. 1156 of 30th May, 1952, with effect from the date two months after the publication hereof.

N. DIEDERICHS,
Minister of Economic Affairs.

SCHEDULE.

COMPULSORY STANDARD SPECIFICATION FOR THE MANUFACTURE, PRODUCTION, PROCESSING OR TREATMENT OF OUTER SOLE LEATHER.

SECTION 1.—SCOPE.

1.1 This specification covers outer sole leather and leather outer soles forming part of manufactured footwear, with the exception of slippers.

SECTION 2.—DEFINITIONS.

2.1 For the purposes of this specification the following definitions shall apply:—

Belly.—That part of the hide below the belly line. For oxhide leather, the belly line shall pass through a point at or above the top of the front break and a point not more than ¾ inch below the top of the rear break. For cowhide leather, the belly line shall pass through a point at or above the top of the front break and a point not more than 2½ inches below the top of the rear break.

Bend.—A butt cut into two along the backbone line.

Butt.—A double back with the shoulder cut off at right angles to the backbone line at the break of the fore flank.

Iron.—A unit of measurement equal to one forty-eighth of an inch, used in measuring the thickness of a sole.

Shoulder.—The forepart of the hide cut off at right angles to the backbone line at the break of the fore flank, with the belly trimmed off.

Stuck-on Bend.—A levelled bend of 7 iron or less.

Back.—A hide with the bellies trimmed off and cut into two along the backbone line.

Sueded Outer Sole Leather.—Outer sole leather from which the grain layer has been removed and the resulting fibrous surface either buffed or brushed to a fine nap.

SECTION 3.—CHEMICAL AND PHYSICAL REQUIREMENTS.

3.1 Outer sole leather and leather outer soles of footwear shall comply with the following requirements:—

3.1.1 When vegetable tanned, outer sole leather or leather outer soles—

(*a*) shall contain no undesirable quantities of strong acid when tested in accordance with 5.4;

(*b*) shall have a hide substance of not less than 32 per cent when tested in accordance with 5.3;

DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID.

No. 2108.] [24 Desember 1959.

WET OP STANDAARDE, 1945.

WYSIGING VAN DIE VERPLIGTE STANDAARDSPESIFIKASIE VIR DIE VERVAARDIGING, PRODUKSIE, BEWERKING OF BEHANDELING VAN BUITESOOLLEER.

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister van Ekonomiese Sake, handelende op aanbeveling van die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad en kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vyftien* (1) (*a*) van die Wet op Standaarde, 1945 (Wet No. 24 van 1945), soos gewysig, vervang hierby die verpligte standaardspesifikasie vir die vervaardiging, produksie, bewerking of behandeling van buitesoolleer, soos afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 1156 van 30 Mei 1952, met ingang van die datum twee maande na publikasie hiervan, deur die gewysigde verpligte standaardspesifikasie vir die vervaardiging, produksie, bewerking of behandeling van buitesoolleer soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

N. DIEDERICHS,
Minister van Ekonomiese Sake.

BYLAE.

VERPLIGTE STANDAARDSPESIFIKASIE VIR DIE VERVAARDIGING, PRODUKSIE, BEWERKING OF BEHANDELING VAN BUITESOOLLEER.

AFDELING 1.—BESTEK.

1.1 Hierdie spesifikasie dek buitesoolleer en leerbuitesole wat deel van vervaardigde skoeisel, met uitsondering van pantoffels, uitmaak.

AFDELING 2.—WOORDBEPALINGS.

2.1 Onderstaande woordbepalings geld vir die doeleindes van hierdie spesifikasie:—

Buitesoolleer met 'n fluweelagtige afwerking.—Buitesoolleer waarvan die nerflaag verwyder is en die veselige oppervlak wat dus ontstaan òf gepoleer òf geborsel word om 'n fyn pluis te vorm.

Iron.—'n Maat, gelyk aan een-agt-en-veertigste van 'n duim, wat gebruik word om die dikte van 'n sool te meet.

Kroeponaanplakleer.—'n Plat stuk kroeponleer van 7 iron of minder.

Kroeponleer.—Die rompleer langs die ruglyn in twee gedeel.

Pensvel.—Die gedeelte van die huid onder die penslyn. Vir osvelleer gaan die penslyn deur 'n punt op of bokant die bopunt van die voorste breuk en 'n punt hoogstens ¾ duim onderkant die bopunt van die agterste breuk. Vir koeivelleer gaan die penslyn deur 'n punt op of bokant die bopunt van die voorste breuk en 'n punt hoogstens 2½ duim onderkant die bopunt van die agterste breuk.

Rompleer.—'n Dubbele rugvel met die skouerleer by die breuk van die voorste flank reghoekig met die ruglyn afgesny.

Rugvel.—'n Huid met die pensvel afgesny en langs die ruglyn in twee gedeel.

Skouerleer.—Die voorste gedeelte van die huid by die breuk van die voorste flank reghoekig met die ruglyn afgesny en met die pensvel afgesny.

AFDELING 3.—CHEMIESE EN FISIESE VEREISTES.

3.1 Buitesoolleer en leerbuitesole van skoeisel moet aan die volgende vereistes voldoen:—

3.1.1 Indien met plantaardige stowwe gelooi, moet buitesoolleer of leerbuitesole—

(*a*) geen ongewenste hoeveelhede sterk suur bevat wanneer dit ooreenkomstig 5.4 getoets word nie;

(*b*) 'n huidsubstansie van minstens 32 persent het wanneer dit ooreenkomstig 5.3 getoets word;

(*c*) except in the case of stuck-on bends and sueded outer sole leather, shall have a water absorption not greater than 55 per cent when tested in accordance with 5.5;

(*d*) shall show no grain cracks when tested in accordance with 5.6;

(*e*) shall have a moisture content not greater than 17 per cent when tested in accordance with 5.2;

(*f*) shall be free from adhering fleshy material.

3.1.2 When chrome tanned, outer sole leather or leather outer soles—

(*a*) shall contain no undesirable quantities of strong acid when tested in accordance with 5.4;

(*b*) shall show no grain cracks when tested in accordance with 5.6;

(*c*) shall have a shrinkage temperature of not less than 90° C. when tested in accordance with 5.7;

(*d*) shall be free from adhering fleshy material.

3.1.3 When chrome tanned and waxed, outer sole leather or leather outer soles—

(*a*) shall contain no undesirable quantities of strong acid when tested in accordance with 5.4;

(*b*) shall contain not more than 18 per cent total ash determined on the sample as received, in accordance with 5.1;

(*c*) shall show no grain cracks when tested in accordance with 5.6;

(*d*) shall have a shrinkage temperature of not less than 90° C. when tested in accordance with 5.7;

(*e*) shall be free from adhering fleshy material;

(*f*) shall have a maximum of 15 per cent water solubles when tested in accordance with 5.8;

3.1.4 When tanned by vegetable and mineral agents combined, outer sole leather or leather outer soles—

(*a*) shall contain no undesirable quantities of strong acid when tested in accordance with 5.4;

(*b*) shall contain not more than 18 per cent total ash determined on the sample, as received, in accordance with 5.1;

(*c*) with the exception of stuck-on bends and sueded outer sole leather, shall have a water absorption not greater than 55 per cent when tested in accordance with 5.5;

(*d*) shall show no grain cracks when tested in accordance with 5.6;

(*e*) shall have a moisture content not greater than 17 per cent when tested in accordance with 5.2;

(*f*) shall be free from adhering fleshy material.

SECTION 4.—MARKING.

4.1 All outer sole leather, namely whole pieces, squares or cut soles, shall bear the manufacturer's identification mark and shall be stamped "O.S.L." The marking shall be legible and the letters shall be not less than ½ inch in height.

SECTION 5.—PHYSICAL TESTS AND CHEMICAL ANALYSIS.

All leather samples shall prior to physical testing, be conditioned for 48 hours at 20 ± 2° C. (68 ± 4° F.) and relative humidity 65 ± 2 per cent, and the actual testing shall be carried out under these same conditions.

All chemical calculations, with the exception of the determination of percentage moisture, shall be corrected to a moisture content of 14 per cent, namely total ash, hide substance and percentage water solubles.

5.1 *Total Ash.*

5.1.1 *Procedure.*—Accurately weigh about 5 g. of the sample, as received, in a tared platinum crucible, place it in a cold muffle furnace, and raise the temperature to 600 ± 25° C. Maintain this temperature in the furnace until the crucible and its contents have

(*c*) behalwe in die geval van kroeponaanplakleer en buitesoolleer met 'n fluweelagtige afwerking, 'n waterabsorpsie van hoogstens 55 persent hê wanneer dit ooreenkomstig 5.5 getoets word;

(*d*) geen nerfbarse toon wanneer dit ooreenkomstig 5.6 getoets word nie;

(*e*) 'n voggehalte van hoogstens 17 persent hê wanneer dit ooreenkomstig 5.2 getoets word;

(*f*) vry wees van vleisstukkies wat daaraan vassit.

3.1.2 Indien met chroom gelooi, moet buitesoolleer of leerbuitesole—

(*a*) geen ongewenste hoeveelhede sterk suur bevat wanneer dit ooreenkomstig 5.4 getoets word nie;

(*b*) geen nerfbarse toon wanneer dit ooreenkomstig 5.6 getoets word nie;

(*c*) 'n krimptemperatuur van minstens 90° C. hê wanneer dit ooreenkomstig 5.7 getoets word;

(*d*) vry wees van vleisstukkies wat daaraan vassit.

3.1.3 Indien met chroom gelooi en met was behandel, moet buitesoolleer of leerbuitesole—

(*a*) geen ongewenste hoeveelhede sterk suur bevat wanneer dit ooreenkomstig 5.4 getoets word nie;

(*b*) hoogstens 18 persent totale as bevat wanneer die monster, soos dit ontvang is, ooreenkomstig 5.1 getoets word;

(*c*) geen nerfbarse toon wanneer dit ooreenkomstig 5.6 getoets word nie;

(*d*) 'n krimptemperatuur van minstens 90° C. hê wanneer dit ooreenkomstig 5.7 getoets word;

(*e*) vry wees van vleisstukkies wat daaraan vassit;

(*f*) hoogstens 15 persent wateroplosbare stowwe bevat wanneer dit ooreenkomstig 5.8 getoets word.

3.1.4 Indien met 'n mengsel van plantaardige en mineraalstowwe gelooi, moet buitesoolleer of leerbuitesole—

(*a*) geen ongewenste hoeveelhede sterk suur bevat wanneer dit ooreenkomstig 5.4 getoets word nie;

(*b*) hoogstens 18 persent totale as bevat wanneer die monster, soos dit ontvang is, ooreenkomstig 5.1 getoets word;

(*c*) met uitsondering van kroeponaanplakleer en buitesoolleer met 'n fluweelagtige afwerking, 'n waterabsorpsie van hoogstens 55 persent hê wanneer dit ooreenkomstig 5·5 getoets word;

(*d*) geen nerfbarse toon wanneer dit ooreenkomstig 5.6 getoets word nie;

(*e*) 'n voggehalte van hoogstens 17 persent hê wanneer dit ooreenkomstig 5.2 getoets word;

(*f*) vry wees van vleisstukkies wat daaraan vassit.

AFDELING 4.—MERKE.

4.1 Alle buitesoolleer, naamlik heel stukke, vierkantige stukke of gesnyde sole, moet die fabrikant se identifikasiemerk dra, en met die letters „B.S.L." gestempel word. Die merke moet leesbaar wees en die letters moet minstens ½ duim hoog wees.

AFDELING 5.—FISIESE TOETSE EN SKEIKUNDIGE ONTLEDING.

Voor fisiese toetsing moet alle leermonsters 48 uur lank by 20 ± 2° C. (68 ± 4° F.) en 'n relatiewe vogtigheid van 65 ± 2 persent gekondisioneer word, en die werklike toetsing moet onder presies dieselfde toestande uitgevoer word. Alle skeikundige berekenings, met uitsondering van die bepaling van die vogpersentasie, moet tot 'n voggehalte van 14 persent aangepas word, nl. die totale hoeveelheid as, die huidsubstansie en die persentasie wateroplosbare stowwe.

5.1 *Totale hoeveelheid as.*

5.1.1 *Werkwyse.*—Weeg ongeveer 5 g. van die monster, soos dit ontvang is, noukeurig in 'n geweegde platinakroesie af, plaas dit in 'n koue moffeloond en verhoog die temperatuur tot 600 ± 25° C. Hou die temperatuur in die oond op hierdie peil totdat die kroesie en sy inhoud 'n konstante gewig bereik het.

reached a constant weight. Remove the crucible from the furnace, cool in a desiccator and weigh.

5.1.2 *Calculation.*—Ash, per cent $= \frac{W_1 \times 100}{W}$

where:—

W = weight of sample used in grammes, and
W_1 = weight of ash obtained in grammes.

5.2 *Moisture Content.*

5.2.1 *Procedure.*—Accurately weigh about 5 g. of the sample into a tared weighing bottle or similar vessel that can be covered tightly. Dry it for 16 to 18 hours in an oven at 98 to 100° C. with the weighing vessel open. Cool the vessel in a desiccator, cover and weigh.

5.2.2 *Calculation.*—Moisture, per cent $= \frac{B \times 100}{A}$

where:—

A = weight of sample used, in grammes, and
B = loss in weight of sample, in grammes.

5.3 *Nitrogen and Hide Substance.*

5.3.1 *Reagents.*

(*a*) Approximately 0·2 N accurately standardized hydrochloric or sulphuric acid.

(*b*) Pure concentrated sulphuric acid (Sp. Gr. 1·84) free from nitrates and from ammonium sulphate.

(*c*) Sodium hydroxide solution containing 400 g. in 1 litre of solution. This reagent must be free from nitrates.

(*d*) Pure anhydrous potassium sulphate, which should be pulverized before being used.

(*e*) Prepare mixed indicator by dissolving 0·125 g. methyl red and 0·083 g. methylene blue in 100 ml. absolute alcohol (end point—purple), or dissolve 350 mg. of bromocresol green in 10 ml. of 95 per cent ethyl alcohol in a 250 ml. volumetric flask. Mix in 1·0 ml. of 0·5 N sodium hydroxide and add about 200 ml. of distilled water. Add 22·1 ml. of an aqueous 1 per cent solution of new coccine and then add 750 mg. of p-nitrophenol which has been dissolved in a few millilitres of 95 per cent ethyl alcohol. Dilute to 250 ml. with distilled water. (End point—grey.)

(*f*) Anhydrous copper sulphate.

(*g*) Boric acid solution containing about 45 g. per litre of pure boric acid, free from borates.

5.3.2 *Procedure.*—Accurately weigh out about 1.5 g. of the leather and place it in a suitable Kjeldahl digestion flask. Add 25 ml. concentrated sulphuric acid. Place the flask in an inclined position and heat, with a small flame, to just below the boiling point of the acid until the leather is completely disintegrated. Then add 10 g. of potassium sulphate and 0·5 g. of copper sulphate, raise the temperature and boil briskly, continuing for 30 minutes after the liquid has become quite clear and nearly colourless. If, after 1½ to 2 hours, the solution has not become sufficiently clear, allow to cool to about 100° C., and slowly and carefully add a few drops of concentrated hydrogen peroxide. Continue heating for 15 to 30 minutes to digest the last traces of fat. With some leathers an insoluble mineral residue may be expected after digestion. This will not affect the accuracy of the determination. A small funnel in the neck of the flask will prevent any undue loss of acid during the digestion. Allow the flask and contents to cool.

After cooling, dilute with about 250 ml. of water, add one or two fragments of previously ignited porous earthenware and 1 ml. of 1 per cent phenolphthalein solution. Pour an excess of the 40 per cent caustic soda solution (80 ml. for 20 ml. of sulphuric acid) carefully down the side of the flask without mixing with the acid solution. Connect the flask with a vertical condenser by means of a tube bent twice, preferably including a spray trap.

Place a receiver of 300 to 400 ml. capacity, containing about 50 ml. of the boric acid solution, under the condenser, to the end of which is attached a

Verwyder die kroesie uit die oond, verkoel in 'n desikkator en weeg.

5.1.2 *Berekening.*—Persentasie as $= \frac{W_1 \times 100}{W}$

waar:—

W = die gewig van die monster gebruik in gram en
W_1 = die gewig van die as in gram.

5.2 *Voggehalte.*

5.2.1 *Werkwyse.*—Weeg ongeveer 5 g. van die monster noukeurig af in 'n geweegde weegflessie of soortgelyke houer wat dig toegemaak kan word. Droog dit 16 tot 18 uur lank in 'n oond by 98 tot 100° C. met die weegbakkie oop. Verkoel die houer in 'n desikkator, bedek dit en weeg.

5.2.2 *Berekening.*—Persentasie vog $= \frac{B \times 100}{A}$

waar:—

A = gewig van die monster gebruik, in gram, en
B = gewigsverlies van monster, in gram.

5.3 *Stikstof en huidsubstansie.*

5.3.1 *Reagense.*

(*a*) Noukeurig gestandaardiseerde soutsuur of swawelsuur, naasteby 0·2 N.

(*b*) Suiwer gekonsentreerde swawelsuur (S.G. 1·84) vry van nitrate en van ammoniumsulfaat.

(*c*) Natriumhidroksiedoplossing wat 400 g. in 1 liter oplossing bevat. Hierdie reagens moet vry van nitrate wees.

(*d*) Suiwer watervrye kaliumsulfaat wat voor gebruik verpoeier moet word.

(*e*) Berei gemengde indikator deur 0·125 g. metielrooi en 0·083 g. metileenblou in 100 ml. absolute alkohol op te los (endpunt—pers), of los 350 mg. broomkresolgroen in 10 ml. 95 persent etielalkohol in 'n volumetriese fles van 250 ml. op. Meng 1·0 ml. 0·5 N natriumhidroksied daarby en voeg ongeveer 200 ml. gedistilleerde water by. Voeg 22·1 ml. waterige 1 persent oplossing nuwe koksien by, en voeg dan 750 mg. p-nitrofenol by wat in 'n paar milliliter 95 persent etielalkohol opgelos is. Verdun tot 250 ml. met gedistilleerde water (endpunt—grys).

(*f*) Watervrye kopersulfaat.

(*g*) Boorsuuroplossing wat ongeveer 45 g. per liter suiwer boorsuur, vry van borate, bevat.

5.3.2 *Werkwyse.*—Weeg ongeveer 1·5 g. van die leer noukeurig af en plaas dit in 'n geskikte Kjeldahl-verteringsfles. Voeg 25 ml. gekonsentreerde swawelsuur by. Plaas die fles in 'n skuins posisie en verhit met 'n klein vlammetjie tot net onder die kookpunt van die suur totdat die leer geheel en al ontbind het. Voeg dan 10 g. kaliumsulfaat en 0·5 g. kopersulfaat by, verhoog die temperatuur, en kook vinnig. Hou aan met kook tot 'n halfuur nadat die vloeistof heeltemal helder en feitlik kleurloos geword het. Laat die oplossing, as dit na 1½ tot 2 uur nog nie helder genoeg geword het nie, afkoel tot ongeveer 100° C. en voeg dan 'n paar druppels gekonsentreerde waterstofperoksied stadig en versigtig by. Gaan 15 tot 30 minute lank met die verhitting voort om die laaste spore van vet te verteer. By sommige leersoorte kan daar na vertering 'n onoplosbare mineraalresidu verwag word. Dit sal nie die akkuraatheid van die bepaling beïnvloed nie. 'n Klein tregter in die nek van die fles sal die oormatige verlies van suur tydens die vertering voorkom. Laat die fles en sy inhoud afkoel.

Verdun na verkoeling met ongeveer 250 ml. water voeg een of twee stukkies poreuse erdewerk wat vooraf uitgegloei is, en 1 ml. 1 persent-fenolftaleïen oplossing, by. Gooi dan 'n oormaat van die 40 persent-bytsodaoplossing (80 ml. vir 20 ml. swawelsuur versigtig teen die kant van die fles af sonder om dit met die suuroplossing te laat meng. Verbind die fles deur middel van 'n buis wat twee maal gebuig is, en verkieslik 'n spatkop insluit, met 'n vertikale verkoeler.

Plaas 'n vergaarbak met 'n inhoudsmaat van 300 tot 400 ml. wat ongeveer 50 ml. van die boorsuur oplossing bevat, onder die verkoeler en verbind die

suitable bubbler. Make sure that the end of the bubbler is below the surface of the acid. Mix the contents of the flask by careful shaking. Distil the ammonia into the boric acid, taking care to avoid heating the boric acid. As soon as the liquid in the flask begins to boil, if not before, the phenolphthalein should show an alkaline reaction; if not, more caustic soda is needed. With brisk boiling the distillation of the ammonia should be complete in 30 minutes, but it is advisable to test the last portions of the distillate with litmus paper and to continue the distillation if ammonia is still being evolved. It is advisable to lower the receiver from time to time as the distillate accumulates. Slight modifications in the apparatus for distilling off the ammonia, such as running in the 40 per cent caustic soda solution from a tap funnel, are allowed.

When the evolution of ammonia is complete, remove the receiver and titrate the distillate with approximately 0·2 N hydrochloric or sulphuric acid solution, using either of the mixed indicators as indicator.

Blank.—Do a blank determination by following the same procedure and using the same amounts of all reagents.

5.3.3 *Calculation.*—Hide substance, per cent

$$= \frac{A \times B \times 0{\cdot}014 \times 5{\cdot}62 \times 100}{C}$$

where:—

A = volume of approximately 0·2 N acid in millilitres,
B = normality of the acid, and
C = weight of the sample in grammes.

5.4 *Acidity.*

5.4.1 *Apparatus.*—A pH meter equipped with a glass electrode.

5.4.2 *Procedure.*—Place 2 g. of the prepared sample in a Soxhlet apparatus and extract with petroleum ether (boiling point below 60° C.) for 4 hours, so that siphoning occurs approximately every 10 minutes. Place the petroleum ether extracted sample in a flask made of resistance glass and fitted with a stopper of the same material. Add 100 ml. of cooled freshly boiled distilled water and allow to stand for 24 hours at 20 ± 2° C. with occasional shaking.

Decant part of the aqueous extract (do not filter) into a suitable cell, and determine the pH value by means of a pH meter equipped with a glass electrode. A pH of below 3·0 indicates the presence of undesirable quantities of strong acids in the leather.

5.5 *Water Absorption.*

5.5.1 *Apparatus.*—The apparatus shall be set up as shown in Figure 1. The receiver A is connected to the graduated flask by means of rubber tubing. The bulb of the flask shall have a capacity of 60 ml. and the stem shall be graduated in 0·1 ml. and shall be capable of reading up to 15 ml.

5.5.2 *Procedure.*—Take a 2-inch leather square which has been accurately weighed, and rest it on the glass beads in the receiver A. Fill the graduated flask B with distilled water to the 0-ml. mark, and connect by means of rubber tubing to the receiver A. Tilt the apparatus slightly so that all the water runs on to the leather. Leave the apparatus in a horizontal position for 24 hours. Invert the apparatus once more so that the water runs back into the graduated flask; leave in the vertical position for at least 1 hour to allow all the water to drain back into the flask. Record the level of the water in the graduated stem.

5.5.3 *Calculation.*—Water absorbed, per cent =

$$\frac{A \times 100}{W}$$

where:—

A = volume of water absorbed, in millilitres, and
W = weight of leather sample, in grammes.

punt daarvan met 'n geskikte lugbelapparaat. Sorg dat die punt van die lugbelapparaat onderkant die oppervlakte van die suur is. Meng die inhoud van die fles deur dit versigtig te skud. Distilleer die ammoniak in die boorsuur in maar sorg dat laasgenoemde nie verhit word nie. Die fenolftaleïen moet, sodra die vloeistof in die fles begin kook, indien nie eerder nie, 'n alkaliese reaksie toon, anders is meer bytsoda nodig. Met vinnige kook behoort die distillering van die ammoniak binne 30 minute voltooi te wees, maar dit is raadsaam om die laaste gedeeltes van die distillaat met lakmoespapier te toets en met die distillering voort te gaan as daar nog ammoniak afgegee word. Dit is raadsaam om die vergaarbak van tyd tot tyd te laat sak namate die distillaat versamel. Geringe wysigings in die apparaat om die ammoniak af te distilleer, bv. om die 40 persent-bytsodaoplossing uit 'n tregter met 'n kraan te laat inloop, is geoorloof.

Verwyder die vergaarbak sodra al die ammoniak afgedistilleer is, en titreer die distillaat met die soutsuur- of swawelsuuroplossing, naasteby 0·2 N, met gebruik van een van die twee gemengde indikators as indikator.

Kontrole.—Voer 'n kontrolebepaling uit deur dieselfde werkwyse toe te pas en dieselfde hoeveelhede van al die reagense te gebruik.

5.3.3 *Berekening.*—Persentasie-huidsubstansie

$$= \frac{A \times B \times 0{\cdot}014 \times 5{\cdot}62 \times 100}{C}$$

waar:—

A = volume van naasteby 0·2 N suur in milliliters,
B = normaliteit van die suur, en
C = die gewig van die monster in gram.

5.4 *Suurgehalte.*

5.4.1 *Apparaat.*—'n pH-meter met 'n glaselektrode.

5.4.2 *Werkwyse.*—Plaas 2 g. van die bereide monster in 'n Soxhletapparaat en ekstraheer 4 uur lank met petroleumeter (kookpunt onder 60° C.) sodat heweling ongeveer elke 10 minute plaasvind. Plaas die monster wat met petroleumeter geëkstraheer is in 'n fles van weerstandsglas wat van 'n prop uit dieselfde materiaal voorsien is. Voeg 100 ml. afgekoelde en pasgekookte gedistilleerde water daarby en laat dit 24 uur lank by 20 ± 2° C. staan en skommel dit af en toe. Gooi 'n deel van die waterige ekstrak in 'n geskikte sel af (moenie filtreer nie), en bepaal die pH-waarde deur middel van 'n pH-meter wat met 'n glaselektrode toegerus is. 'n pH onder 3·0 is 'n aanduiding van die aanwesigheid van ongewenste hoeveelhede sterk sure in die leer.

5.5 *Waterabsorpsie.*

5.5.1 *Apparaat.*—Die apparaat moet opgestel word soos in figuur 1 aangetoon. Die vergaarbak A word deur middel van 'n rubberbuis aan die maatfles verbind. Die bol van die fles moet 'n inhoudsmaat van 60 ml. hê en die nek moet in 0·1 ml. afgemerk wees en 'n lesing tot 15 ml. aangee.

5.5.2 *Werkwyse.*—Neem 'n stukkie leer van 2 dm. in die vierkant wat noukeurig geweeg is en plaas dit op glaskrale in die vergaarbak A. Vul die maatfles B tot by die nulmilliliter-merk met gedistilleerde water en verbind dit deur middel van 'n rubberbuis met die vergaarbak A. Hou die apparaat skuins sodat al die water op die leer uitloop. Laat die apparaat 24 uur lank in 'n horisontale posisie staan. Die apparaat word dan weer omgekeer sodat die water in die maatfles in terugloop; laat minstens 'n uur lank in die vertikale posisie staan sodat al die water in die fles kan terugloop. Die hoogte van die water in die nek word dan aangeteken.

5.5.3 *Berekening.*—Persentasie water geabsorbeer

$$= \frac{A \times 100}{W}$$

waar:—

A = volume water geabsorbeer, in milliliter, en
W = gewig van die leermonster, in gram.



FIGURE 1.—Kubelka apparatus for the determination of water absorption.

FIGUUR 1.—Kubelka-apparaat vir die bepaling van water-absorpsie.

5.6 *Cracking.*

5.6.1 *Specimen.*—The specimen shall be 1 inch wide and as near to 10 inches long as possible. The specimen shall be cut from the sample submitted to the laboratory for testing purposes and shall be free from surface defects.

5.6.2 *Apparatus.*—As shown in Figure 2.

5.6.3 *Procedure.*—Cut two holes $\frac{1}{8}$ inch in diameter in the sample, the centres of the holes being $1\frac{1}{16}$ inches apart and the nearest hole approximately $\frac{1}{4}$ inch from the end of the sample, so that the sample will fit on to the two prongs on the sample-gripping device. Place the 3-inch mandrel on the centre axis pin and clamp the rolling device tight against the sample. Bend the sample slowly around the mandrel through 180°. Examine the grain side of the specimen for grain cracks.

5.6 *Kraakvorming.*

5.6.1 *Toetsstuk.*—Die toetsstuk moet 1 duim wyd en so na aan tien duim lank wees, as moontlik. Die toetsstuk moet gesny word uit die monster wat aan die laboratorium vir toetsdoeleindes voorgelê is, en moet vry van oppervlakgebreke wees.

5.6.2 *Apparaat.*—Sien Figuur 2.

5.6.3 *Werkwyse.*—Sny twee gate met 'n deursnee van $\frac{1}{8}$ duim in die monster. Die middelpunte van die gate moet $1\frac{1}{16}$ duim van mekaar wees en die naaste gat ongeveer $\frac{1}{4}$ duim van die ent van die monster af sodat die monster op die twee tande van die monsterklem sal pas. Plaas die 3-duimspil op die middel van die as se pen en klem die rolmeganisme styf teen die monster aan. Buig die monster stadig om die spil deur 'n hoek van 180°. Ondersoek die nerfkant van die monster vir nerfkrakies.



FIGURE 2.—Cracking test apparatus.

FIGUUR 2.—Kraakvormingtoetsapparaat.

5.7 *Shrinkage Temperature.*

5.7.1 *Specimen.*—The specimen shall be $\frac{1}{2}$ inch by 3 inches and shall be degreased with petroleum ether for 24 hours at room temperature.

5.7.2 *Apparatus.*—See Figure 3.

(*a*) *A litre beaker containing water.*
(*b*) *Two suitable clamps.*
(*c*) *Suitable stirrer.*
(*d*) *Suitable thermometer.*

5.7 *Krimptemperatuur.*

5.7.1 *Toetsstuk.*—Die toetsstuk moet $\frac{1}{2}$ duim by 3 duim wees en 24 uur lank by kamertemperatuur met petroleumeter ontvet word.

5.7.2 *Apparaat.*—Sien figuur 3.

(*a*) *'n Literbeker met water.*
(*b*) *Twee geskikte klampe.*
(*c*) *Geskikte roertoestel.*
(*d*) *Geskikte termometer.*

(*e*) *Suitable heating device.*

(*f*) *Indicating device.*—An indicating device which will maintain the specimen under slight tension and accurately detect and magnify by at least 25 times any shrinkage or swelling of the specimen. In no case shall the device cause an elongation of more than 10 per cent of the specimen prior to shrinkage.

5.7.3 *Procedure.*—Mount the clamps one over the other, 2·5 inches apart, with the bottom one stationary. Attach the indicating device to the upper (movable) clamp. Place the specimen in the clamps so that it is completely immersed in the water at 21 ± 3° C. (70 ± 5° F.), and allow the specimen to remain there until the water has thoroughly penetrated it. Adjust the indicator to a reference or zero point so that the eventual shrinkage can be readily detected. Stir the water while being heated at a rate of 3° to 5° C. (5° to 9° F.) per minute. As the temperature rises, swelling of the specimen may occur, in which case adjust the indicator again to a reference or zero point. Record the temperature of the water at which the specimen begins to shrink.

5.7.4 *Report.*—Report the shrinkage temperature in degrees Centigrade.

(*e*) *Geskikte verhittingstoestel.*

(*f*) *Aanwyser.*—'n Aanwyser wat die toetsstuk onder 'n geringe spanning sal hou en enige krimping of swelling daarvan presies sal vasstel en minstens 25 maal sal vergroot. In geen geval mag hierdie toestel 'n verlenging van meer as 10 persent in die toetsstuk veroorsaak voordat dit krimp nie.

5.7.3 *Werkwyse.*—Bring die klampe bokant mekaar 2·5 duim van mekaar af aan met die onderste een vas. Bevestig die aanwyser aan die boonste (beweeglike) klamp. Plaas die toetsstuk in die klampe sodat dit heeltemal in die water by 21 ± 3° C. (70 ± 5° F.) gedompel is en hou die toetsstuk daar totdat die water dit deeglik deurdring het. Stel die aanwyser op 'n verwysings- of nulpunt sodat die eventuele krimping dadelik gemerk kan word. Roer die oplossing terwyl dit teen 'n koers van 3° tot 5° C. (5° tot 9° F.) per minuut verhit word. Na gelang die temperatuur styg, kan die toetsstuk swel, in welke geval die aanwyser weer op 'n verwysings- of nulpunt ingestel moet word. Teken die temperatuur van die water waarby die toetsstuk begin krimp, aan.

5.7.4 *Rapport.*—Gee die krimptemperatuur in grade Celsius aan.



FIGURE 3.—Shrinkage test apparatus.

FIGUUR 3.—Krimptoetsapparaat.

5.8 *Water Solubles.*

5.8.1 *Procedure.*—Shake in a mechanical shaker 5 g. of degreased leather with 250 ml. of distilled water at 20° C. for five hours. Filter the solution obtained, take an aliquot, evaporate, and dry to constant weight.

5.8.2 *Calculation.*—The percentage water solubles is calculated as follows:—

$$\text{Water solubles, per cent} = \frac{250}{X} \times \frac{W}{5} \times 100$$

where:—

X = aliquot taken in millilitres, and
W = weight of residue.

DEPARTMENT OF LABOUR.

No. 2091.] [24 December 1959.

UNEMPLOYMENT INSURANCE ACT, 1946.—MUNICIPAL COUNCIL OF FICKSBURG.

The Minister of Labour proposes to publish a notice in terms of sub-section (5) of section *two* of the Unemployment Insurance Act, 1946, declaring that, with effect from the 1st April, 1960, Government Notice No. 1395 of the 23rd June, 1950, is amended by the deletion therefrom of the words " of Ficksburg and ".

The purport of such proposed notice is that all persons falling within the definition of " contributor " in section two of the said Act and employed by the Municipal Council of Ficksburg will, from the 1st April, 1960, be regarded as contributors.

Interested persons who have any objections to such proposed notice should submit such objections, in writing, to the Secretary for Labour, P.O. Box 1851, Pretoria, not later than 26th January, 1960.

No. 2092.] [24 December 1959.

UNEMPLOYMENT INSURANCE ACT, 1946.—MAGISTERIAL DISTRICT OF MAFEKING.

On behalf of the Minister of Labour, I, MARAIS VILJOEN, Deputy Minister of Labour, do hereby, in terms of sub-section (5) of section *two* of the Unemployment Insurance Act, 1946, declare that with effect from 1st April, 1960, Government Notice No. 1547 of 7th July, 1950, is withdrawn.

The purport of this notice is that all persons falling within the definition of contributor in section *two* of the said Act employed in the Magisterial District of Mafeking will, as from 1st April, 1960, be regarded as contributors.

M. VILJOEN,
Deputy-Minister of Labour.

No. 2094.] [24 December 1959.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956, AS AMENDED.

EXTENSION OF OPERATION OF AGREEMENT FOR THE TOBACCO INDUSTRY (TRANSVAAL.)

On behalf of the Minister of Labour, I, MARAIS VILJOEN,, Deputy Minister of Labour, hereby, in terms of sub-paragraph (i) of paragraph (*a*) of sub-section (4) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1956, as amended, extend to the 30th March, 1960, the

5.8 *Wateroplosbare stowwe.*

5.8.1 *Werkwyse.*—Skommel 5 g. ontvette leer saam met 250 ml. gedistilleerde water in 'n meganiese skommelaar by 20° C. vir vyf uur. Filtreer die verkreë oplossing, neem 'n alikwotgedeelte, laat verdamp en droog tot 'n konstante gewig.

5.8.2 *Berekening.*—Die persentasie wateroplosbare stowwe word soos volg bereken:—

Persentasie wateroplosbare stowwe=

$$\frac{250}{X} \times \frac{W}{5} \times 100$$

waar:

X = alikwotgedeelte geneem in milliliter, en
W = gewig van die residu.

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

No. 2091.] [24 Desember 1959.

WERKLOOSHEIDVERSEKERINGSWET, 1946.—MUNISIPALE RAAD VAN FICKSBURG.

Die Minister van Arbeid is voornemens om 'n kennisgewing kragtens subartikel (5) van artikel *twee* van die Werkloosheidsversekeringswet, 1946, te publiseer waarin verklaar word dat Goewermentskennisgewing No. 1395 van 23 Junie 1950, met ingang van 1 April 1960, gewysig word deur die woorde „ van Ficksburg en " te skrap.

Die strekking van die voorgestelde kennisgewing is dat alle persone wat in die woordbepaling van „ bydraer " in artikel *twee* van genoemde Wet omvat word en wat by die Munisipale Raad van Ficksburg in diens is, vanaf 1 April 1960 as bydraers beskou sal word.

Belanghebbendes wat beswaar teen die voorgestelde kennisgewing het, moet hulle besware voor of op 26 Januarie 1960, skriftelik by die Sekretaris van Arbeid, Posbus 1851, Pretoria, indien.

No. 2092.] [24 Desember 1959.

WERKLOOSHEIDSVERSEKERINGSWET, 1946.—LANDDROSDISTRIK MAFEKING.

Namens die Minister van Arbeid verklaar ek, MARAIS VILJOEN, Adjunk-minister van Arbeid, hierby kragtens subartikel (5) van artikel *twee* van die Werkloosheidversekeringswet, 1946, dat Goewermentskennisgewing No. 1547 van 7 Julie 1950, met ingang van 1 April 1960, ingetrek word.

Die strekking van hierdie kennisgewing is dat alle persone wat in die woordbepaling van „ bydraer " in artikel *twee* van genoemde Wet omvat word en wat in die landdrosdistrik Mafeking in diens is, vanaf 1 April 1960 as bydraers beskou sal word.

M. VILJOEN,
Adjunk-Minister van Arbeid.

No. 2094.] [24 Desember 1959.

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956, SOOS GEWYSIG.

VERLENGING VAN GELDIGHEIDSDUUR VAN DIE OOREENKOMS VIR DIE TABAKNYWERHEID (TRANSVAAL).

Namens die Minister van Arbeid verleng ek, MARAIS VILJOEN, Adjunk-minister van Arbeid, hierby kragtens subparagraaf (i) van paragraaf (*a*) van subartikel (4) van artikel *agt-en-veertig* van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, soos gewysig, tot 30 Maart 1960, die tyd

period referred to in Government Notice No. 2116 of the 21st October, 1955, as amended by Government Notices Nos. 993 of the 8th June, 1956, 301 of the 1st March, 1957, 809 of the 13th June, 1958, and 375 of the 6th March, 1959 and extended by Government Notice No. 1508 of the 25th September, 1959.

M. VILJOEN,
Deputy-Minister of Labour.

No. 2110.] [24 December 1959.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956, AS AMENDED.

EXTENSION OF PERIOD OF OPERATION OF THE AGREEMENT FOR THE FURNITURE INDUSTRY (NATAL).

On behalf of the Minister of Labour, I, MARAIS VILJOEN, Deputy-Minister of Labour, hereby, in terms of sub-paragraph (i) of paragraph (*a*) of sub-section (4) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1956, as amended, extend to the 26th April, 1960, the period referred to in Government Notice No. 19 of the 10th January, 1958.

M. VILJOEN,
Deputy-Minister of Labour.

No. 2120.] [24 December 1959.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956, AS AMENDED.

BUILDING INDUSTRY, DURBAN.

AMENDING AGREEMENT.

On behalf of the Minister of Labour, I MARAIS VILJOEN, Deputy-Minister of Labour, do hereby—

(*a*) in terms of paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1956, as amended, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Building Industry, shall be binding from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending on the 4th June, 1960, upon the employers' Organisation and the trade unions which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of that organisation or those unions;

(*b*) in terms of paragraph (*b*) of sub-section (1) of section *forty-eight* of the said Act, declare that the provisions contained in the Amending Agreement shall be binding from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending on the 4th June, 1960, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (*a*) of this notice, engaged or employed in the said Industry in the Magisterial Districts of Durban, Pinetown and Inanda; and

(*c*) in terms of paragraph (*a*) of sub-section (3) of section *forty-eight* of the said Act, declare that in the Magisterial Districts of Durban, Pinetown and Inanda and from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending on the 4th June, 1960, the provisions contained in the Amending Agreement shall *mutatis mutandis* be binding upon all Natives employed in the said Industry by the employers upon whom any of the said provisions are binding in respect of employees, and upon those employers in respect of Natives in their employ.

M. VILJOEN,
Deputy-Minister of Labour.

perk vermeld in Goewermentskennisgewing No. 2116 van 21 Oktober 1955, soos gewysig by Goewermentskennisgewings Nos. 993 van 8 Junie 1956, 301 van 1 Maart 1957, 809 van 13 Junie 1958 en 375 van 6 Maart 1959, en verleng by Goewermentskennisgewing No. 1508 van 25 September 1959.

M. VILJOEN,
Adjunk-minister van Arbeid.

No. 2110.] [24 Desember 1959.

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956, SOOS GEWYSIG.

VERLENGING VAN DIE GELDIGHEIDSDUUR VAN DIE OOREENKOMS VIR DIE MEUBELNYWERHEID (NATAL).

Namens die Minister van Arbeid verleng ek, MARAIS VILJOEN, Adjunk-minister van Arbeid, hierby kragtens subparagraaf (i) van paragraaf (*a*) van subartikel (4) van artikel *agt-en-veertig* van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, soos gewysig, tot 26 April 1960, die tydperk vermeld in Goewermentskennisgewing No. 19 van 10 Januarie 1958.

M. VILJOEN,
Adjunk-minister van Arbeid.

No. 2120.] [24 Desember 1959.

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956, SOOS GEWYSIG.

BOUNYWERHEID, DURBAN.

WYSIGINGSOOREENKOMS.

Namens die Minister van Arbeid, verklaar ek, MARAIS VILJOEN, Adjunk-minister van Arbeid, hierby—

(*a*) kragtens paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *agt-en-veertig* van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, soos gewysig, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Bounywerheid betrekking het, vanaf die tweede Maandag na die datum van die publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 4 Junie 1960 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en vakverenigings wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van daardie organisasie of daardie verenigings is;

(*b*) kragtens paragraaf (*b*) van subartikel (1) van artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet, dat die bepalings in die Wysigingsooreenkoms vervat vanaf die tweede Maandag na die datum van die publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 4 Junie 1960 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié vermeld in paragraaf (*a*) van hierdie kennisgewing, betrokke by of in diens in genoemde Nywerheid in die landdrosdistrikte Durban, Pinetown en Inanda; en

(*c*) kragtens paragraaf (*a*) van subartikel (3) van artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet, dat die bepalings in die Wysigingsooreenkoms vervat, vanaf die tweede Maandag na die datum van die publikasie van hierdie kennisgewing en vir tydperk wat op 4 Junie 1960 eindig, in die landdrosdistrikte Durban, Pinetown en Inanda *mutatis mutandis* bindend is vir alle Naturelle in diens in genoemde Nywerheid by dié werkgewers vir wie enige van genoemde bepalings ten opsigte van werknemers bindend is en vir daardie werkgewers ten opsigte van Naturelle in hul diens.

M. VILJOEN,
Adjunk-minister van Arbeid.

INDUSTRIAL COUNCIL OF THE BUILDING INDUSTRY, DURBAN.

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into between the

Master Builders' & Allied Trades Association, Durban,

(hereinafter referred to as the "employers", or "employers' organisation"), of the one part, and the

Amalgamated Society of Woodworkers,
Amalgamated Union of Building Trade Workers,
Operative Plasterers' Trade Union,
South African Operative Masons' Society,

(hereinafter referred to as the "employees", or "trade unions"), of the other part,
being the parties to the Industrial Council of the Building Industry, Durban, further to amend the Agreement between the said parties published under Government Notice No. 795 of 29th May 1957, as amended by Government Notices Nos. 221 of 14th February 1958 and 1902 of 12th December 1958, as follows:—

Clause 4, sub-clause (1):—

Delete paragraph (*a*) and substitute therefor the following:—

"(*a*) Labourers: 10d. per hour."

Clause 22, sub-clause (2) (*a*):—

Delete the amount of 1d. and substitute therefor the amount of 1½d.

Signed at Durban on behalf of the Parties this 30th day of September 1959.

W. T. HAMILTON,
Representing Employers.
F. MOSSMAN,
Representing Employees.
F. W. MEDWAY,
Chairman.

(Duly authorised thereto by Resolution of the Council.)

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE BOUNYWERHEID, DURBAN.

OOREENKOMS

ingevolge die bepalings van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, aangegaan tussen die

Master Builders' & Allied Trades Association, Durban,

(hieronder die „werkgewers" of „werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant, en die

Amalgamated Society of Woodworkers,
Amalgamated Union of Building Trade Workers,
Operative Plasterers' Trade Union,
South African Operative Masons' Society,

(hieronder die „werknemers" of „vakverenigings" genoem), aan die ander kant,
wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Bounywerheid, Durban, om die Ooreenkoms aangegaan tussen genoemde partye wat gepubliseer is by Goewermentskennisgewing No. 795 van 29 Mei 1957, soos gewysig by Goewermentskennisgewings No. 221 van 14 Februarie 1958 en No. 1902 van 12 Desember 1958 verder soos volg te wysig:—

Klousule 4, subklousule (1):—

Skrap paragraaf (*a*) en vervang dit deur die volgende:—
„(*a*) Arbeiders: 10d. per uur."

Klousule 22, Subklousule (2) (*a*):—

Skrap die bedrag van 1d. en vervang dit deur die bedrag van 1½d.

Namens die partye of hede die 30ste dag van September 1959 te Durban onderteken.

W. T. HAMILTON,
Werkgewerverteenwoordiger.
F. MOSSMAN,
Werknemerverteenwoordiger.
F. W. MEDWAY,
Voorsitter.

(Behoorlik daartoe gemagtig deur 'n besluit van die Raad.)

DEPARTMENT OF MINES.

No. 2106] [24 December 1959.

REGULATIONS FOR THE DISTRIBUTION OF CLAIMS ON THE PYPKLIP ALLUVIAL DIGGING SITUATE ON THE FARM LEADPAN ALIAS PYPKLIP No. 362, REGISTRATION DIVISION J.P., DISTRICT LICHTENBURG, MINING DISTRICT OF KLERKSDORP, TRANSVAAL PROVINCE.

His Excellency the Officer Administering the Government has, under the powers vested in him by section *fifty-one* of the Precious Stones Act, 1927 (Act No. 44 of 1927), been pleased to make the following regulations for the distribution of claims on the Pypklip Alluvial Digging situate on the farm Leadpan alias Pypklip No. 362, Registration Division J.P., District Lichtenburg, Mining District of Klerksdorp, Transvaal Province, as demarcated by beacons on the ground and as shown on a sketch plan, copies whereof are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Klerksdorp, under R.M.T. No. 2320. M.M. 35/236.

1. The Pypklip Alluvial Digging shall be open for the distribution of claims in terms of section *fifty-one* of the Precious Stones Act, 1927 (Act No. 44 of 1927), from the time and date mentioned in regulation 2 hereof among persons who—

(*a*) are the holders of current diggers' certificates and who have carried on bona fide digging operations in person on a proclaimed alluvial digging for precious stones within the Province of the Transvaal for a period of three months in the aggregate during the twelve months immediately preceding the date of promulgation of these regulations in the *Government Gazette;* or

DEPARTEMENT VAN MYNWESE.

No. 2106.] [24 Desember 1959.

REGULASIES VIR DIE VERDELING VAN KLEIMS OP DIE ALLUVIALE DELWERY PYPKLIP GELEË OP DIE PLAAS LEADPAN ALIAS PYPKLIP No. 362, REGISTRASIEAFDELING J.P., DISTRIK LICHTENBURG, MYNDISTRIK KLERKSDORP, PROVINSIE TRANSVAAL.

Dit het Sy Eksellensie die Amptenaar belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag behaag om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *een-en-vyftig* van die Wet op Edelgesteentes, 1927 (Wet No. 44 van 1927), onderstaande regulasies uit te vaardig vir die verdeling van kleims op die Alluviale Delwery Pypklip geleë op die plaas Leadpan alias Pypklip No. 362, Registrasieafdeling J.P., distrik Lichtenburg, myndistrik Klerksdorp, provinsie Transvaal, soos op die grond afgebaken en soos aangetoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Klerksdorp, onder R.M.T. 2320 bewaar word. M.M. 35/236.

1. Die Alluviale Delwery Pypklip is vanaf die tyd en datum in regulasie 2 hiervan vermeld, oop vir die verdeling van kleims ooreenkomstig artikel *een-en-vyftig* van die Wet op Edelgesteentes, 1927 (Wet No. 44 van 1927), onder persone wat—

(*a*) houers van geldige delwersertifikate is en wat persoonlik vir 'n tydperk van altesaam drie maande gedurende die twaalf maande onmiddellik voor die datum van die afkondiging van hierdie regulasies in die *Staatskoerant* op 'n geproklameerde alluviale delwery vir edelgesteentes in die provinsie Transvaal *bona fide* delfwerk verrig het; of

(*b*) are the holders of current diggers' certificates and who can produce satisfactory proof that they are dependent on digging or operations incidental thereto for a living but that for financial or other reasons acceptable to the Mining Commissioner they could not carry out bona fide digging operations for the period of three months prescribed in regulation 1 (*a*).

2. Claims may be pegged on the Pypklip Alluvial Digging from 10 a.m. on Thursday, the twenty-first day of January, 1960, by persons qualified in terms of these regulations, and the decision of the Mining Commissioner whether or not any person shall be entitled to peg a claim or claims under these regulations shall be final: Provided that on the day upon which the ground becomes open for distribution in terms of regulation 1 hereof, no person may peg a claim unless he has obtained a licence in terms of regulations 3 and 4 hereof.

3. All persons desiring to participate in the distribution of claims on the day on which the ground becomes open for distribution shall personally apply for a claim licence at the offices of the Department of Mines at Klerksdorp and Lichtenburg between 8.30 a.m. on Monday, the eleventh day of January, 1960, and noon on Saturday, the sixteenth day of January, 1960.

In making such application, each applicant shall produce—

(*a*) his digger's certificate; and

(*b*) proof to the satisfaction of the Mining Commissioner that he is qualified to participate in terms of paragraphs (*a*) or (*b*) of regulation 1 hereof.

On acceptance of his application, each applicant shall pay the prescribed licence fee, whereupon a numbered ticket shall be issued to him. The number appearing on such ticket shall also be inscribed upon the licence which shall be retained by the Mining Commissioner.

4. On the date on which the ground becomes open for distribution in terms of regulation 1 hereof, all licences made out in response to applications received in terms of regulation 3 hereof, shall be placed by the Mining Commissioner in a covered box or receptacle, and the said box or receptacle shall be placed in some convenient spot on the ground proclaimed: Provided that if it appears more convenient more than one box or receptacle may be used. In such case the boxes or receptacles shall be placed at such distances apart as the Mining Commissioner may decide, and the numbers of the licences contained in each box or receptacle shall be plainly indicated by means of a notice placed near each box or receptacle and clearly visible to all present.

At the time and date mentioned in regulation 2, the licences shall, under the direction of the Mining Commissioner or his deputy, be drawn one by one from the box or receptacle. As each licence is drawn, the name of the licence holder and the number placed on the licence in terms of regulation 3 hereof, shall be read out, whereupon the licence holder may obtain his licence by personally producing the ticket given to him and bearing the number corresponding to that appearing on the licence. In the event of more than one box or receptacle being used for the distribution, the drawing of licences from all such boxes or receptacles shall commence simultaneously.

5. On receiving his licence, the holder thereof may proceed to peg his claim in terms of regulation 3 of Chapter III of the regulations promulgated by Government Notice No. 104 of 1928.

6. *All claims shall be pegged by the licence holder in person and he shall have his licence and digger's certificate in his physical possession at the time of pegging.* No person shall be entitled to peg more than one claim on the said digging under these regulations until the expiry of seven days from the date of the distribution, after which he may peg up to a maximum of six claims on the said digging, provided that he has taken out a licence therefor. No person shall be permitted to mark out an area under section *seventy-one* of the Act until the expiry of 14 days from the date of distribution.

(*b*) houers van geldige delwersertifikate is en wat afdoende bewys kan lewer dat hulle van delf of van werksaamhede wat daarmee in verband staan, afhanklik is vir 'n bestaan, maar dat hulle om finansiële of ander redes wat vir die Mynkommissaris aanneemlik is, nie vir die tydperk van drie maande soos in regulasie 1 (*a*) voorgeskryf, *bona fide* delfwerk kon verrig nie.

2. Kleims kan vanaf 10 vm. op Donderdag, die een-en-twintigste dag van Januarie 1960, op die Alluviale Delwery Pypklip afgepen word deur persone wat ooreenkomstig hierdie regulasies daartoe bevoeg is, en die beslissing van die Mynkommissaris of iemand daartoe geregtig is om kragtens hierdie regulasies 'n kleim of kleims af te pen al dan nie, is finaal: Met dien verstande dat niemand op die dag waarop die grond vir verdeling ooreenkomstig regulasie 1 hiervan oopgestel word, 'n kleim mag afpen nie tensy hy 'n lisensie ooreenkomstig die bepalings van regulasies 3 en 4 hiervan verkry het.

3. Almal wat op die datum waarop die grond vir verdeling oopgestel word, aan die verdeling van kleims wil deelneem, moet tussen 8.30 vm. op Maandag, die elfde dag van Januarie 1960, en 12-uur middag op Saterdag, die sestiende dag van Januarie 1960, persoonlik by die kantore van die Departement van Mynwese op Klerksdorp en Lichtenburg om 'n kleimlisensie aansoek doen.

Elke applikant moet, wanneer hy om so 'n lisensie aansoek doen—

(*a*) sy delwersertifikaat toon; en

(*b*) tot die tevredenheid van die Mynkommissaris bewys lewer dat hy ooreenkomstig paragrawe (*a*) of (*b*) van regulasie 1 hiervan bevoeg is om aan die verdeling deel te neem.

Wanneer sy aansoek goedgekeur word, moet die applikant die voorgeskrewe lisensiegelde betaal, en 'n genommerde kaartjie word dan aan hom uitgereik. Die nommer wat op sodanige kaartjie voorkom, word ook aangeteken op die lisensie, wat in besit van die Mynkommissaris bly.

4. Op die datum waarop die grond vir verdeling ooreenkomstig regulasie 1 hiervan oopgestel word, word alle lisensies wat uitgeskryf is as gevolg van aansoeke wat ooreenkomstig regulasie 3 hiervan ontvang is, deur die Mynkommissaris in 'n toegemaakte bus of houer geplaas, en gemelde bus of houer word op 'n gerieflike plek op die geproklameerde grond geplaas: Met dien verstande dat, as dit geriefliker blyk, daar meer as een bus of houer gebruik kan word. In so 'n geval moet die busse of houers op dié afstande wat die Mynkommissaris mag bepaal, van mekaar geplaas word, en die nommers van die lisensies in elke bus of houer moet duidelik gemeld word in 'n kennisgewing wat naby elke bus of houer geplaas is en duidelik sigbaar is vir almal wat teenwoordig is.

Op die tyd en datum in regulasie 2 gemeld, moet die lisensies onder die toesig van die Mynkommissaris of sy verteenwoordiger een vir een uit die bus of houer getrek word. Sodra elke lisensie uitgetrek word, word die naam van die lisensiehouer en die nommer afgelees, wat ooreenkomstig regulasie 3 hiervan op die lisensie aangeteken is, en dan kan die lisensiehouer sy lisensie ontvang deur persoonlik die kaartjie te toon wat aan hom uitgereik is en waarop dieselfde nommer as dié op die lisensie voorkom. Ingeval daar meer as een bus of houer vir die verdeling gebruik word, moet daar gelyktydig begin word om die lisensies uit al die busse of houers te trek.

5. By ontvangs van sy lisensie kan die houer daarvan sy kleim gaan afpen volgens die bepalings van regulasie 3 van Hoofstuk III van die regulasies wat by Goewermentskennisgewing No. 104 van 1928 afgekondig is.

6. *Alle kleims moet deur die lisensiehouer persoonlik afgepen word en hy moet sy lisensie en sy delwersertifikaat ten tyde van die afpenning by hom hê.* Niemand mag voor die verstryking van sewe dae vanaf die datum van die verdeling meer as een kleim kragtens hierdie regulasies op gemelde delwery afpen nie; daarna kan hy hoogstens ses kleims op gemelde delwery afpen mits hy 'n lisensie daarvoor uitgeneem het. Niemand word toegelaat om 'n stuk grond kragtens artikel *een-en-sewentig* van die Wet af te merk voordat 14 dae vanaf die datum van die verdeling verstryk het nie.

On the day upon which the ground becomes open for distribution in terms of regulation 1 hereof, no person shall for or in connection with the pegging of any claim, use any horse, vehicle, motor car, cycle or other similar means of transport.

7. In the event of any bona fide error or misunderstanding in connection with the distribution of claims under these regulations arising from a duplication of names or otherwise, the distribution shall not be invalidated thereby, and in any dispute arising from such bona fide error or misunderstanding, the decision of the Mining Commissioner shall be final.

8. The pegging of any claim under these regulations by any person impersonating another, either when applying for a licence under regulation 3 hereof or when licences are drawn in terms of regulation 4 hereof, shall be void, and any person impersonating another shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding £100.

9. The method of acquiring licences prescribed in regulations 3 and 4 hereof, shall be applicable only to pegging on the day on which the ground becomes open for distribution in terms of regulation 1 hereof or until all the original applications have been disposed of. Thereafter licences to peg claims may be obtained in the ordinary manner at the office of the Department of Mines at Lichtenburg by persons who can prove to the satisfaction of the Mining Commissioner that they are qualified in terms of regulation 1 hereof.

10. Any person who pegs a claim without being entitled to do so or who pegs more claims than the number authorised under these regulations, or who pegs any claim in contravention of any of these regulations, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding £100, and the pegging of any claim or claims by such person shall be void.

11. These regulations shall remain in force for a period of two years as from the date of the distribution concerned, after which date they shall automatically lapse, and thereafter licences to peg claims on the said digging may be obtained in the ordinary manner at the office of the Department of Mines at Lichtenburg by persons who are the holders of current diggers' certificates.

No. 2109.] [24 December 1959.

AMENDMENT OF REGULATIONS.—MINES AND WORKS ACT, 1956 (ACT No. 27 OF 1956).

It is hereby notified that His Excellency the Officer Administering the Government, under the powers vested in him by section *twelve*, read with sub-section (2) of section *twenty* of the Mines and Works Act, 1956 (Act No. 27 of 1956), has been pleased to amend the regulations published under Government Notice No. 1124, dated 11th August, 1937, as amended from time to time, by repealing sub-regulation (1) of regulation 285 and substituting the following sub-regulation therefor:—

"285. (1) The certificates of competency mentioned in this Chapter shall not be granted to non-scheduled persons, provided that any such certificate granted to a non-scheduled person in the Cape Province or Natal before 1st January, 1960, shall be valid within such Province."

Op die dag waarop die grond vir verdeling ooreenkomstig regulasie 1 hiervan oopgestel word, mag niemand vir of in verband met die afpenning van 'n kleim 'n perd, voertuig, motorkar, fiets of soortgelyke vervoermiddel gebruik nie.

7. Ingeval daar, weens 'n verdubbeling van name of om 'n ander rede, 'n *bona fide* fout of misverstand in verband met die verdeling van kleims kragtens hierdie regulasies ontstaan, word die verdeling nie daardeur ongeldig nie, en in 'n geskil wat as gevolg van so 'n *bona fide* fout of misverstand ontstaan, is die beslissing van die Mynkommissaris finaal.

8. Die afpenning van 'n kleim kragtens hierdie regulasies deur iemand wat hom as iemand anders voordoen, hetsy wanneer daar om 'n lisensie kragtens regulasie 3 hiervan aansoek gedoen word of wanneer die lisensies kragtens regulasie 4 hiervan getrek word, is ongeldig en enigeen wat hom as iemand anders voordoen, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens £100.

9. Die metode wat by regulasies 3 en 4 hiervan vir die verkryging van 'n lisensie voorgeskryf word, is van toepassing slegs op die afpenning van kleims op die dag waarop die grond vir verdeling ooreenkomstig regulasie 1 hiervan oopgestel word of totdat al die oorspronklike aansoeke afgehandel is. Daarna kan persone wat tot tevredenheid van die Mynkommissaris kan bewys dat hulle ooreenkomstig regulasie 1 hiervan bevoeg is, op die gewone wyse lisensies om kleims af te pen, van die kantoor van die Departement van Mynwese op Lichtenburg verkry.

10. Enigeen wat 'n kleim afpen sonder dat hy daartoe geregtig is of wat meer kleims afpen as dié getal waarvoor magtiging by hierdie regulasies verleen word of wat 'n kleim in stryd met hierdie regulasies afpen, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens £100, en die afpenning van 'n kleim of kleims deur so 'n persoon is ongeldig.

11. Hierdie regulasies bly van krag vir 'n tydperk van twee jaar vanaf die datum van die betrokke verdeling, en daarna verval hulle outomaties en kan persone wat houers van geldige delwersertifikate is, op die gewone wyse lisensies om kleims op gemelde delwery af te pen, van die kantoor van die Departement van Mynwese op Lichtenburg verkry.

No. 2109.] [24 Desember 1959.

WYSIGING VAN REGULASIES.—WET OP MYNE EN BEDRYWE, 1956 (WET No. 27 VAN 1956).

Hierby word bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Amptenaar belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag behaag het om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *twaalf*, gelees met subartikel (2) van artikel *twintig* van die Wet op Myne en Bedrywe, 1956 (Wet No. 27 van 1956), die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 1124 van 11 Augustus 1937, soos van tyd tot tyd gewysig, te wysig deur subregulasie (1) van regulasie 285 te herroep en dit deur die volgende subregulasie te vervang:—

„285. (1) Die sertifikate van bevoegdheid wat in hierdie hoofstuk genoem word, word nie aan nie-ingelyste persone verleen nie, met dien verstande dat enige sodanige sertifikaat wat voor 1 Januarie 1960 aan 'n nie-ingelyste persoon in die Kaapprovinsie of Natal verleen is, binne sodanige provinsie geldig is."

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT.

No. 2084.] [24 December 1959.

MUNICIPALITY OF STUTTERHEIM.

ESTABLISHMENT OF LOCATION AND NATIVE VILLAGE.

The Minister of Bantu Administration and Development has, in terms of paragraphs (*a*) and (*b*) of sub-section (1) of section *two* of the Natives (Urban Areas) Consolida-

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING.

No. 2084.] [24 Desember 1959

MUNISIPALITEIT VAN STUTTERHEIM.

STIGTING VAN LOKASIE EN NATURELLEDORP.

Die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling het, kragtens paragrawe (*a*) en (*b*) van subartikel (1) van artikel *twee* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsoli-

tion Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as amended, approved of the defining, setting apart and laying out by the Municipality of Stutterheim as a location and Native village, of a certain piece of land, 222·2555 morgen in extent, being Consolidated Erf No. 1858, Stutterheim, situate within the area under the jurisdiction of the said urban local authority and as shown on a diagram approved by the Surveyor-General under No. 10739/58.

Government Notice No. 300 of the 9th February, 1951, is hereby repealed.

No. 2086.] [24 December 1959.

OVAMBOLAND TRUST FUNDS.—ALTERATION OF ANNUAL RATE AND DETERMINATION OF EQUIVALENT VALUE THEREOF IN KIND IN RESPECT OF THE UKUANYAMA TRIBE.

His Excellency the Officer Administering the Government has been pleased, under the powers vested in him by section *three* of the South West Africa Native Affairs Administration Act, 1954 (Act No. 56 of 1954), and in terms of sub-section (7) of section *three* of the Ovamboland Affairs Proclamation, 1929 (South West Africa Proclamation No. 27 of 1929), as amended by the Ovamboland Affairs Amendment Proclamation, 1941 (South West Africa Proclamation No. 15 of 1941), to determine as follows:—

(*a*) that the amount of the annual rate, mentioned in South West Africa Government Notice No. 169 of 1942, as amended by South West Africa Government Notices Nos. 229 of 1954 and 283 of 1954 and Union Government Notice No. 1503 of 1957, in respect of the annual rate which is payable by members of the tribes and the aggregate of tribes mentioned in South West Africa Government Notice No. 127 of 1929, shall, in the case of the Ukuanyama tribe, be increased from ten shillings per annum to fifteen shillings per annum with effect from the first day of January, 1960; and

(*b*) that, in respect of the payment of such rate by the taxpayers of the Ukuanyama tribe the equivalent value in kind shall be three four-gallon petrol tins or one-half of a grain bag of the millet known in Ovamboland as "Omahangu". 273/213.

No. 2095.] [24 December 1959.

CONTROL OF THE ACTIVITIES OF THE AFRICAN NATIONAL CONGRESS AND OTHER ORGANISATIONS IN NATIVE AREAS.

Under and by virtue of the powers vested in me by paragraph (*a*) of regulation 8 of the regulations contained in the Schedule to Proclamation No. 67 of 1958, I, MICHIEL DANIËL CHRISTIAAN DE WET NEL, Minister of Bantu Administration and Development, hereby declare that the regulations contained in the Schedule to the said Proclamation No. 67 of 1958, shall with effect from the date hereof apply in all the areas referred to in the accompanying Schedule.

M. D. C. DE W. NEL,
Minister of Bantu Administration and Development.

1132/400 (2).

SCHEDULE.

(*a*) In the area of jurisdiction of the Bantu Affairs Commissioner, Pietersburg, Pietersburg District:—

(i) *Locations.*—Matlala's Location and Moletzie's Location;

dasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), soos gewysig, sy goedkeuring daaraan geheg dat die Munisipaliteit van Stutterheim 'n sekere stuk grond, 222·2555 morg groot, synde Gekonsolideerde Erf No. 1858, Stutterheim, geleë binne die gebied onder die beheer van genoemde stedelike plaaslike bestuur en soos aangetoon op 'n kaart wat deur die Landmeter-generaal onder No. 10739/58 goedgekeur is, as 'n lokasie en Naturelledorp bepaal, afsonder en aanlê.

Goewermentskennisgewing No. 300 van 9 Februarie 1951 word hierby herroep.

No. 2086.] [24 Desember 1959.

OVAMBOLANDSE TRUSTFONDSE.— WYSIGING VAN JAARLIKSE BELASTING EN VASSTELLING VAN DIE EKWIVALENTE WAARDE DAARVAN *IN NATURA* TEN OPSIGTE VAN DIE UKUANYAMASTAM.

Dit het Sy Eksellensie die Amptenaar belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag behaag om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *drie* van die Wet op die Administrasie van Naturellesake in Suidwes-Afrika, 1954 (Wet No. 56 van 1954), en ingevolge subartikel (7) van artikel *drie* van die Ovambolandse Aangeleenthede Proklamasie, 1929 (Suidwes-Afrika-proklamasie No. 27 van 1929), soos gewysig by die Ovambolandse Aangeleenthede-Wysigingsproklamasie, 1941 (Suidwes-Afrika-proklamasie No. 15 van 1941), soos volg te bepaal:—

(*a*) dat die bedrag van die jaarlikse belasting, genoem in Suidwes-Afrika-goewermentskennisgewing No. 169 van 1942, soos gewysig by Suidwes-Afrika-goewermentskennisgewings Nos. 229 van 1954 en 283 van 1954 en Unie-goewermentskennisgewing No. 1503 van 1957, ten opsigte van die jaarlikse belasting wat betaalbaar is deur lede van die stamme of aggregaat van stamme genoem in Suidwes-Afrika-goewermentskennisgewing No. 127 van 1929, verhoog word in die geval van die Ukuanyamastam van tien sjielings per jaar tot vyftien sjielings per jaar met ingang van die eerste dag van Januarie 1960; en

(*b*) dat ten opsigte van die betaling van sodanige belasting deur die belastingbetalers van die Ukuanyamastam die ekwivalente waarde *in natura* drie viergellingpetrolblikke of 'n halwe graansak is van die manna wat in Ovamboland as „Omahangu" bekend is. 273/213.

No. 2095.] [24 Desember 1959.

BEHEER VAN DIE BEDRYWIGHEDE VAN DIE „AFRICAN NATIONAL CONGRESS" EN ANDER ORGANISASIES IN NATURELLEGEBIEDE.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf (*a*) van regulasie 8 van die regulasies vervat in die Bylae van Proklamasie No. 67 van 1958, verklaar ek, MICHIEL DANIËL CHRISTIAAN DE WET NEL, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, hierby dat die regulasies vervat in die Bylae van voornoemde Proklamasie No. 67 van 1958, met ingang van die datum hiervan van toepassing is in al die gebiede genoem in bygaande Bylae.

M. D. C. DE W. NEL,
Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

1132/400 (2).

BYLAE.

(*a*) In die regsgebied van die Bantoesakekommissaris, Pietersburg, distrik Pietersburg:—

(i) *Lokasies.*—Matlala se Lokasie en Moletzie se Lokasie;

(ii) *Trust Farms.*—Ripley No. 962, Ambergate No. 961, Chloe No. 943, Juno No. 944, Vlakfontein No. 1642, Cloetesdam No. 1638, Kordon No. 2016, Prospect No. 955, Postchaaslag No. 956, Wingfield No. 957, Sour Apple Tree No. 958, Lucy's Own No. 963, Pinkie No. 964, portion of Cromford No. 959, portion of Schaffhausen No. 960, Bischofkreuz No. 192, Roodeput No. 700, Lodewyksvlei No. 798, Wachtkraal No. 830, Grootgeluk No. 88, Rampietjiesfontein No. 940, Ceres No. 941, Bacchus No. 942, Olympus No. 945, Vulcanus No. 946, Luttigsdale No. 947, Lonsdale No. 948, Lonsdale No. 949, Lonsdale No. 950, Graaff-Reinet No. 951, Johnson's Hoek No. 952, Fairlie No. 953, Luss No. 954, Lieschinhof No. 965, Leesdale No. 966, Fair Laurie No. 967, Louisiana No. 968, De Beersloop No. 970, Lanark No. 971, Cradock No. 972, Cooperspark No. 973, Lamoelaslaagte No. 1639, Klipfontein No. 167, Kalkpan No. 1844, Panplaats No. 1859, Lynplaats No. 1860, Nooitgedacht No. 1862, Damplaats No. 1864 (excluding the European-owned portion thereof), Helena No. 1865, portion of Pour la Patrie No. 969 and portion of Palmietfontein No. 709;

(iii) *Tribal Farms.*—Portion of Cromford No. 959, portion of Schaffhausen No. 960, Zaaiplaats No. 856, Zandfontein No. 2386 (excluding Portion A thereof), Krantzplaats No. 975, Nonnenwerth No. 976, portion of Palmietfontein No. 709, Palmietfontein No. 1, Vaalwater No. 618, Eerstegeluk No. 644, Lastfontein No. 911, Opgaaf No. 1618, Wachteenbeetjebosch No. 1669, Wachteenbeetjebosch No. 1891 and Goedehoop No. 2015;

(iv) *Bantu-owned Farms.*—Portion of Pour la Patrie No. 969, Modderput No. 844 and Eerstegeluk No. 1863.

(*b*) In the area of jurisdiction of the Bantu Affairs Commissioner, Pietersburg, Potgietersrus District:—

(i) *Trust Farms.*—Elberfield No. 107, Goedgevonden No. 239 and Schoongelegen No. 270;

(ii) *Tribal Farm.*—La Pucella No. 110.

No. 2096.] [24 December 1959.

CONTROL OF ENTRY INTO AND DEPARTURE FROM NATIVE AREAS.

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-regulation (1) of regulation 10 of the regulations contained in the Schedule to Proclamation No. 52 of 1958, as amended by Proclamation No. 138 of 1959, I, MICHIEL DANIËL CHRISTIAAN DE WET NEL, Minister of Bantu Administration and Development, hereby declare that, with effect from the date hereof, the regulations contained in Part I, read with Part III, of the Schedule to the said Proclamation No. 52 of 1958, as amended, shall apply in all the areas specified in the accompanying Schedule.

M. D. C. DE W. NEL,
Minister of Bantu Administration and Development.

45/276(39) (2).

SCHEDULE.

(*a*) In the area of jurisdiction of the Bantu Affairs Commissioner, Pietersburg, Pietersburg District:—

(i) *Locations.*—Matlala's Location and Moletzie's Location;

(ii) *Trust Farms.*—Ripley No. 962, Ambergate No. 961, Chloe No. 943, Juno No. 944, Vlakfontein No. 1642, Cloetesdam No. 1638, Kordon No. 2016, Prospect No. 955, Postchaaslag No. 956, Wingfield No. 957, Sour Apple Tree No. 958, Lucy's Own No. 963, Pinkie No. 964, portion of Cromford No. 959, portion of Schaffhausen No. 960, Bischofkreuz No. 192, Roodeput No. 700, Lodewyksvlei No. 798, Wachtkraal No. 830, Grootgeluk No. 88, Rampiet-

